Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14 / no. 1
Desember 2004/Januarie 2005

(KERK)VERBAND EN VERHEERLIKING

Kerkverband is vir baie in Suid-Afrika ‘n saak van ‘n mistieke onkenbare “onsigbare kerk”. Eenheid tussen kerke word nie altyd verstaan as ‘n saam met mekaar leef in ‘n kerkverbandelike liggaam nie – die beeld van die liggaam vir die plaaslike kerk wat deur Paulus in 1 Korinthiërs 12 gebruik word, is nie sonder betekenis vir die kerkverband nie. Niemand van ons ontken dat daar in die kerk baie dinge onsigbaar is nie. Ons kan dadelik dink aan die onderlinge liefde vir mekaar, ons liefde vir ons Here en ons gelowige vertroue op Hom. Dit alles moet wel heel konkrete werke van liefde en vrug van geloof word, wat elke dag gesien kan word!

In die kerke is daar nog meer wat sigbaar is - die eredienste, kerklike vergaderings, nagmaalstafels waaraan uit een beker gedrink en van een brood geëet word. Dit beteken nie dat ons ‘n keuse maak om eerder te praat van ‘n “sigbare kerk” nie. Behalwe dat die Skrif nie só oor die kerk praat nie, lei dit hopeloos te maklik tot statiese denke oor die kerk. Ek bedoel maar net om daarmee te sê dat mense hulle dan weer gaan verkyk aan “my kerk”. Só word die oë afgetrek van Christus wat verheerlik moet word in die eenheid binne ‘n kerkverband.

Dit laat my dink aan Jesus se bekende gebed in Johannes 17. Baie mense lees dit as dié Skrifgedeelte oor kerklike eenheid. In ‘n sekere sin is dit ook. Maar dit gaan nie in die eerste plek in daardie gebed om kerk en kerkeenheid nie. Christus bring self in daardie (hele) gebed sy eie werk as Middelaar na die Vader. Sy hele gebed staan in die teken van die eerste woorde: “Vader, die uur het gekom; verheerlik U Seun, sodat U Seun U ook kan verheerlik …” Dit laat ons al reeds nadink oor die implikasie van sy gebed om die eenheid van die kerk in die lig te sien van die Vader wat die Seun verheerlik en die verheerliking van die Vader deur die Seun!

Kerkverband is ‘n saak van ‘n genadegeskenk van God in sy Seun vir ons. Dit is “iets” wat ons kry en nie hoef te maak nie. Ons bely mos die kerk as gemeenskap van die heiliges, nie waar nie (Sondag 21 HK)? Daardie gemeenskap is ‘n gemeenskap aan al die skatte en gawes van Christus. Dan praat ons tog van genade en van Christus! Kerkverband is dan nie ‘n saak van “sigbaar” of “onsigbaar” nie. Dit is ‘n saak van geloof in Christus wat self bid vir die eenheid en Homself daarvoor oorgegee het in die hande van die Vader aan die kruis. En ons weet dat die Vader Hom altyd verhoor. Jesus bid hierdie gebed aan die eerste nagmaalstafel. Die vrug van die gebed van Jesus sal dan ook heel konkreet (sigbaar!) moet word aan een nagmaalstafel. Kerklike eenheid is nooit enigiets minder as ‘n saam eet aan die een tafel van hulle wat geheilig is in die Here se waarheid nie - sy Woord (evangelie) is die waarheid.

EV

In Hierdie Uitgawe

Tema: 50 Jaar Kerkverband

- **‘n Geestelike klassis 2**
- **1954 - Sinode VGKSA - 2004 ..... 3**
- **Soeke na Gereformeerde kerkverband 6**
- NGK op die tweesprong . 8
- Hermeunetiek ‘n struikelblok vir kerkeenheid? 9
- Volhoubare ontwikkeling in die kerk 11
- Onderhoud: Antoon Breen . 13
- Armoede in die kerk 16
- Liturgie 19
- Die kerk is Christus se gemeente 21
- Britse Bybelgenootskap . 23

‘n GEESTELIKE KLASSIS

Ds. J van der Linden

TEMA: 50 JAAR KERKVERBAND

Dit is nou twee jaar sedert die eerste klassisse in die Vrye Gereformeerde kerkverband ingestel is. So stadig maar seker begin ons klassisvergaderings ‘n bietjie vorm kry. Op die oomblik is die praktyk (die huidige behoefte?) nog baie bepalend vir die rigting waarin ons groei. Op sigself is dit baie belangrik dat die klassisvergaderings ook in hierdie behoeftes sal voorsien. En tog dreig die gevaar dat ons armer gaan leef as wat die Here ons maak met so ‘n klassisvergadering.

Die klassis het immers die doel om die eenheid van die geloof sigbaar te maak. Dit moet wys op daardie innige en diep eenheid en gemeenskap wat Christus Self deur sy Gees bewerk tussen sy gemeentes. Hiervoor het Hy sy bloed gestort (K Schilder). En daarom sal ons by die invulling van ons klassisvergaderings altyd by die vraag moet begin of ons genoeg aandag het vir hierdie Geestelike geskenk wat Christus aan ons gee. Bewaar ons met groot ywer hierdie innige en diep eenheid waarvoor Christus duur betaal het? Word ons agenda genoegsaam hierdeur gekenmerk?

Wanneer hierdie sig verdwyn word die klassis slegs ‘n strukturele eenheid. ‘n Leë dop. ‘n Afspraak waardeur ons bymekaar moet kom. Artikel 41 van die Kerkorde (oor die lewe in die kerke) word dan bysaak, dit funksioneer miskien net tydens die rondvraag. Die vergadering stel “kwessies” en “sake” aan die orde. Daar groei ‘n slordigheid om by bepalings en besluite te bly. Meelewe het verskraal tot ‘n toesig deur visitatore.

Ook in die funksionering van ons klassisse is dit belangrik dat ons elke keer weer begin by die geloof dat Christus sy kerk vergader. Dan sal ons vergaderings ook ‘n eenheid in liefde, ‘n eenheid in vrede toon. Hulpverlening en hulpbehoewendheid staan dan sentraal. Dit word ‘n geleentheid om mekaar te groet met ‘n heilige kus (Rom. 16:16), om voete te was (Joh. 13:14), om laste te dra (Gal. 6:2). ‘n Geleentheid vir openheid en eerlikheid en vrymoedigheid. Om onsself vrywillig te onderwerp aan mekaar, omdat ons enigste Meester ons ook so wil regeer en help.

Dit is opvallend dat die eerste verwoording van Art. 41 KO (oor die lewe van kerke in ‘n klassis) ‘n meer uitgebreide vraelys gehad het wat aan die kerke gevra moes word op die vergadering. Armesorg, stryd teen die dwalings, twyfel oor sekere aspekte van die geloof, dit alles is aan die kerke gevra. Daar is selfs ‘n preek gehou, met ‘n kort bespreking daarna! (Hoeveel van ons jongelinge sal nie nog hiervan kan leer nie?!).

‘n Groot hoeveelheid sake het dus vanselfsprekend op tafel gekom. Die bedoeling van hierdie vrae in die ou Art. 41 was nie om volledig te wees nie, maar om iets na vore te bring van die meelewe tussen die kerke. Mekaar werklik help! Geestelike eenheid!

Sommige van hierdie aspekte is ondervang toe daar op ‘n later stadium visitatore aangestel is om die kerke te besoek. Tog neem dit nie weg dat ons kerkvaders ‘n sekere karakter aan die klassisvergaderings wou gee nie. Die beginsel was juis dat kerke mekaar nodig het vir hulle instandhouding, uitbreiding en suiwerheid in geloof en wandel. Ons Nederlandse kerkvaders het immers die klassisse ingestel in die verlengde van Calvyn en a Lasco se predikantevergaderings. Calvyn het in Genève en in Straatsburg die gewoonte gehad om as predikante Skrifgedeeltes te ondersoek met die oog op die prediking in die gemeente. a Lasco reël hierdie byeenkomste om die leer en lewe van Christus se kerk te bespreek. So is die vryheid van die kerke bewaar, deurdat hulle vryheid in Christus gehandhaaf word. Geen slawerny onder persone of independentisme nie! Geen slawerny deur verkeerde leer en lewenswandel nie! Vrye kinders!

Die belang en wese van ons kerkverband moet by uitstek in die klassisse na vore kom. Daarom dat ons Nederlandse kerkvaders van die heel begin af (Emden, 1571) selfs die Engelse kerke vermaan het om ook in klassisse op te deel (Art. 12)! En ook al was dit vir die Nederlandse afgevaardigdes moeilik om te reis in daardie tyd (deur slegte paaie en werksdruk), moes daar ten minste een keer in die drie maande vergader word. Die praktyk was egter dikwels maandelikse vergaderings! ‘n Behoefte en praktyk wat groei uit die geloof: die geloof dat Christus sy kerke saamgebind het met ‘n noue band. ‘n Liefdeband. ‘n Kerkverband. Laat ons hierin op ons voorgangers let en hulle geloof navolg. ¤

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. G van den Berg
Bloukeurstr 17
Blommendal
Bellville 7530
Tel. (021) 919-9732

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos • 40

1954 – SINODE VGKSA – 2004

Dr. JW Meijer

TEMA: 50 JAAR KERKVERBAND

Inderdaad, hierdie maand is dit 50 jaar gelede dat die eerste sinode in ons kerkverband byeen gekom het. Dit is seker nie 'n baie hoë ouderdom nie, maar in die vyftig jare het in ons land sowel as in die kerk baie verander. Dit is dus tog wel van belang om 'n oomblik stil te staan en terug te kyk.

DIE GEMEENTES

In 1950 is in Pretoria die eerste Vrye Gereformeerde Kerk gestig, in 1952 gevolg deur die van Kaapstad. Oor beide gemeentes het na 50 jaar 'n gedenkboek verskyn wat die geskiedenis lewendig hou.

'n Volgende mylpaal in die geskiedenis van die VGKSA was seker die jaar 1954. In tweërlei opsig selfs. In die eerste plek ontvang die gemeente in Pretoria sy eerste predikant in die persoon van ds C van der Waal, en verder word teen die einde van die jaar die kerkverband offisieel gestig. Die twee feite van 1954 hou uiteraard ten nouste verband met mekaar. Die koms van 'n eie predikant gee dadelik meer en 'n ander struktuur aan die kerklike lewe en ook aan die kerklike samelewing van die twee gemeentes.

Natuurlik was daar voor die tyd wel kerklike kontakte. Daar is byvoorbeeld met mekaar gekorrespondeer oor attestate en daar was meelewe met mekaar se ontwikkelinge en groei. Daar was dus wel deeglik 'n gevoel van verbondenheid met mekaar, 'n eenheidsband, maar van 'n gereëlde kerkverband was daar nog geen sprake nie.

DIE SINODE

Die besluit in 1954 om 'n offisiële kerkverband te stig, het dus nie sommer uit die bloute gekom nie. En behalwe dat die twee gemeentes daarvoor ryp was, het dit ook heeltemal in die lyn van die gereformeerde kerkgeskiedenis gelê.

Selfs in die sestiende eeu toe die kerke in die Nederlande onder die kruis van die verdrukking gelewe het en baie gemeentelede en voorgangers om hulle lewe te red na die buiteland uitgewyk het, het die stigting van 'n kerkverband 'n hoë prioriteit gehad. 'n Man soos Marnix van Sint Aldegonde het stad en land afgereis om die eerste gereformeerde sinode van Emden voor te berei. En dit was nie om dowe neute nie. Deur die vervolging was daar baie gevare wat die kerk van buite bedreig het, maar ook die gevare van binne uit mog nie verontagsaam word nie. As eerste prioriteit is genoem om mekaar as kerke vas te hou by die een Woord en die goeie belydenis en in noue samehang daarmee te sorg vir 'n goeie predikante-opleiding.

Ook na die Afskeiding van 1834 en die Vrymaking van 1944 het die Gereformeerde kerke dadelik goeie aandag aan die kerkverband gegee. Dit is dan ook in hierdie lyn dat ons die sinode van 1954 mag waardeer.

'n SINODE?

Kan 'n mens van 'n sinode praat as daar twee klein immigrantekerke saam vergader? Ja natuurlik, 'n sinode is 'n vergadering van afgevaardigdes van kerke in 'n bepaalde land of streek. Maar nogtans, twee kerke! Is dit dan nie 'n bietjie voorbarig om jou vergadering sinode te noem nie? Hieroor kan seker gedebatteer word en dit is – in ieder geval na 1954 – reëlmatig gedoen. Maar wat die gevolgtrekking ook al mag wees, die bedoeling van die vergadering van 1954 was inderdaad niks minder as om sinode te wees nie. In alle beskeidenheid, seker, en met 'n deeglike besef van die beperkings wat die klein getal gee, maar nogtans die begin van 'n kerkverband op basis van die Skrif, die gemeenskaplike belydenis en kerkorde.

OPENING

Op Sondag 19 Desember 1954 is in Pretoria aan die vooraand van die sinode 'n biduur gehou. Deur siekte van ds Van der Waal is dit gedoen in 'n leesdiens waarin 'n

Die 50-jarige gedenkboek van Pretoria (links) en Kaapstad (regs)

preek van prof. B Holwerda na aanleiding van Sondag 21 van die Heidelbergse kategismus gelees is. In die hoop dat die siekte van die predikant nie langdurig sou wees nie, is die aanvang van die sinode een dag uitgestel. Maar op Dinsdag 21 Desember het die sinode ondanks sy afwesigheid 'n aanvang geneem.

Die vergaderings is gehou in 'n gebou van die stadsraad, geleë by die Fonteine. Die vergadersaal was op die eerste vlak en aan drie kante oop wat, gesien die warm jaargety, besonder welkom was.

Ds Van der Waal se openingswoord na aanleiding van Psalm 87, is gelees deur ouderling J van der Kooi van Pretoria. Soos 'n mens mag verwag is die openingswoord versier deur talle besonderhede en woordspelings, maar dit gee nietemin 'n goeie kyk op die visie vir die werk vorentoe. Dit eindig dan ook met die oproep: "Broeders, hou Jerusalem vas, Jerusalem met die fonteine, Jerusalem van waaruit die uitgange van die lewe is."

SAKELYS

Die sakelys van die sinode was omvangryk. Nie minder nie as 17 punte het daarop verskyn. Die items kan in groepe ingedeel word. Daar was 'n aantal voorstelle in sake die stigting van 'n kerkverband, die naam van die kerke, die argief van die sinode en die vergaderkoste. Daar was 'n aantal sake wat betrekking het op die uitvoerbaarheid van die Dordtse Kerkorde; hoe moet verskeie reëlings uitgevoer word waar die kerkverband so klein is? Dan was daar 'n aantal sake rondom die erediens: Bybelvertaling, psalmberyming, liturgie, kollekterooster(!). En ten slotte die benoeming en instruksie van deputate, aangaan van kerklike korrespondensie en vasstelling van die volgende sinode.

Dit sal uiteraard verregaande wees om die behandeling van sake op die voet te volg, trouens die sinodehandelinge self gee daarvan 'n baie volledige oorsig. 'n Enkele saak mag ons aandag 'n bietjie langer vashou.

PSALMBERYMING

Talle sake wat op die agenda van die sinode verskyn het, kon slegs 'n voorlopige afhandeling kry of is na deputate verwys vir voorbereiding vir behandeling op die volgende sinode. Ten aansien van die psalmberyming is egter dadelik 'n verstrekkende besluit geneem. Dit was moontlik deurdat die sinode 'n baie uitvoerige rapport met 'n aansluitende voorstel op tafel gehad het. Dit was afkomstig van ds G van Rongen te Leiden in Nederland. Die kerkraad van Pretoria het hom gevra om hulle oor die Afrikaanse psalmboek van advies te dien. Dit is opvallend dat nóg by die vraag van die kerkraad, nóg by die advies van ds Van Rongen enige aandag gegee word aan die inhoud van die beryming. Daaroor was daar duidelik geen besware nie. Dit het slegs gegaan oor die gebruikte melodieë. Deur die gebruik van sogenaamde nuwe wysies by sommige van die psalms het daar bekommernis by die kerke ontstaan dat, by invoering van die Afrikaanse psalmboek, die kennis van die ou melodieë verlore sou gaan. Ds Van Rongen het hierdie bekommernis gedeel en 'n uitvoerige voorstel gedoen oor hoe tog sekere melodieë, soms met geringe aanpassing, gebruik kon word. 'n Mens kan seker respek hê vir die deeglikheid van die rapport en die baie werk wat dit ongetwyfeld gekos het. Dit bly egter 'n vreemde saak dat – uit vrees daarvoor dat die kennis van sekere ou melodieë verlore sou gaan – die sinode nou besluit om te aanvaar dat 19 psalms nie in die erediens gebruik sal kan word nie. 'n Mens wonder maar net watter wins hierdie besluit nou eintlik opgelewer het.

BETEKENIS

Die oorweging bring ons by die volgende punt, hoe groot was die betekenis van hierdie eerste sinode? Uiteraard in die eerste plek het dit die begin van ons kerkverband gemerk. Talle reëlings wat toe ingevoer is, het later veranderings en aanpassings ondergaan, ander besluite het partykeer maar 'n taai lewe gely. Die besluit oor die psalmboek is seker daarvan die mees sprekende voorbeeld. Met alle goeie bedoelings het dit tot 1980 geduur voordat die sogenaamde onsingbare psalms hulle regmatige plek in die erediens gekry het en tot vandag toe is daar verskille tussen die gemeentes in die gebruik van die psalmboek.

Die groot probleem van baie sinodebesluite in 1954 en later, was dat besluite dikwelsgeneem is op basis van voorstelle waaroor nie voldoende vooraf nagedink en gediskusseer is nie. Afgevaardigdes moes dikwels op baie kort termyn 'n oordeel vorm en 'n standpunt inneem. Die gevolg was dat die implikasies van 'n besluit eers later duidelik geword het. En dit het dan weer ekstra werk vir die volgende sinode opgelewer.

Op 'n meer positiewe noot kan opgemerk word dat, hoewel die kragte en middele klein was, die kerkverband van meet af aan sy take raakgesien het en 'n poging onderneem het om daaraan gevolg te gee. Dit was nie altyd moontlik nie, maar die aandag vir die take het bly bestaan en waar moontlik, is steeds meer werk daarvan gemaak. Sonder die voortdurende aanvoorwerk sou dit maklik kon gebeur het dat van die werk nie gedoen is nie.



Die afgevaardigdes na die eerste sinode (1954)

TRIVIALITEITE

Die noukeurige lees van die handelinge van die eerste sinode lewer ook sy oes van merkwaardighede op.

In die eerste plek is die verslag heeltemal in die Nederlandse taal geskrywe en word die kerkraad van Pretoria selfs as vooruitstrewend bestempel omdat hy die lasbrief van sy afgevaardigdes in die Afrikaanse taal gestel het.

Verder lewer die afgevaardigdes ook ‘n bietjie van ‘n probleem op. Van Kaapstad was daar twee ouderlinge: die broeders P van Dalen en EC Oggel, kennelik was daar geen sekundi benoem nie. Vir Pretoria was die ouderlinge B Jager en P van der Kooi as primi en H Bruijs en H Schuring as plaasvervangers aangewys. Die roepende kerk het ook ouderling C Bron en broeder JC Jansen na die vergadering genooi. Die naam van ds Van der Waal word hier nie genoem nie. Maar hy was uiteraard wel afgevaardig, maar dan was daar drie afgevaardigdes van Pretoria en twee van Kaapstad!

Die moderamenverkiesing gee ons ook ‘n verrassing. Ds Van der Waal word by sy afwesigheid as voorsitter verkies, assessor J van der Kooi, skiba 1: JC Jansen en skriba II: EC Oggel. Maar broeder Jansen was geen afgevaardigde nie en daarmee het die sinode dus ‘n voorbeeld aan talle kerklike vergaderings van vandag gegee deur ‘n nie-lid van die vergadering as sekretaris aan te stel. En met sukses want br Jansen het ‘n uitstekende verslag nagelaat. Ten slotte word br Bron as adviseur genooi om sitting te neem. Die kort verslag is deur br MJ Boersma, ook ‘n lid op die publieke tribune, versorg.

Insiggewend is ook die benoeming van deputate. Die sinode het maar liefs tien deputaatskappe ingestel en om al die funksies te vervul was maar ‘n beperkte getal mense beskikbaar. Sewe deputaatskappe het uit drie lede bestaan en drie was van vier name voorsien, dit lewer dus 33 funksies op. Daarvan het ds. Van der Waal 9 en br. AS Barth 8 gekry; die ander 16 plekke is gevul deur B Jager en JC Jansen elk 3, P Bouman en P Datema elk 2, en elk een keer vir MJ Boersma, J van der Kooi, H Bouman, JF Kampman, A Pilon en H Smit. Opvallend is dat al die benoemdes lidmate van die Pretoria gemeente was. Die vergaderings van die deputaatskappe kon origens maklik gekombineer word, want tot twee maal toe sien ons dat drie deputaatskappe dieselfde lede het.

Opvallend is ook dat die sinode ‘n deputaatskap benoem het vir die versorging van emeriti predikante, predikantweduwees en –wese. Dit is dan ‘n saak wat na 50 jaar nog steeds nie kerkverbandelik tot afronding gekom het nie.

TEN SLOTTE

Die eerste sinode was maar ‘n klein begin en na 50 jaar is daar seker nie veel om op te roem nie. En ook al is die kerkverband nou groter, ook vandag is dit nog maar bitter klein in getal en mag. Maar as ons sien op die storms wat oor hierdie kerkverband gegaan het, dan sal dit ons seker tot die erkenning bring dat slegs die Hand van die Here hierdie werk bewaar het en in diens van sy Koninkryk gestel het.

Darem steeds: Soli Deo Gloria!

Vir navrae i.v.m. die Gedenkboeke:
<u>Pretoria:</u>
Mev L. Ros, Posbus 31141, Totiusdal, 0134. E-pos: LouiseR@Cybertrade.co.za

<u>Kaapstad:</u>
Mev. MA de Mooij, Posbus 336, Sanlamhof, 7532. E-pos: vgkcpt@mweb.co.za ¤

SOEKE NA GEREFORMEERDE KERKVERBAND

Ds. C Saayman

TEMA: 50 JAAR KERKVERBAND

Wie steeds - in die tyd waarin ons leef - gelowig-gereformeerd kérk wil wees, word nie staande toegejuig nie. Word ‘n volstrekte binding aan die gereformeerde belydenis daarby betrek, word jy van kerklike sabotasie verdink. Stellig lyk dit asof die einde van die histories-klassiek-gereformeerde Christendom aangebreek het. Dit lyk asof gereformeerd-kerkwees in ‘n ernstige krisis verkeer. ‘n Soort “vervagingsproses” is aan die gang waar die fundamentele “eiegoed” van die gereformeerde belydenis al hoe meer *on*duidelik word en waar gereformeerd-wees al hoe meer opgaan in ‘n *algemene ekumenies-gesinde* Christendom. Om slegs ‘n “algemeen-protestantse” kerk te wees, is vir talle eens-gereformeerdes genoeg.

Daarom word daar gevra of gereformeerd-kerkwees nie ‘n oorbodige luukse is nie. Veral in ‘n tyd waar alle Christene mekaar broodnodig het. Wat beteken gereformeerd-wees nou juis teenoor ander tradisies soos die Lutherse of Metodistiese of Pinkster en charismatiese tradisies? Moet gereformeerd-wees nie eerder opgaan in een algemene Christelike kerk nie? Wanneer dit gaan om die hoofsake en wese van die geloof, mag daar tog nie verskille tussen kerke wees nie! Die eiegoed van die gereformeerde belydenis raak tog sekerlik nie die *wese* van die saak nie. Dit handel mos maar meer oor bykomstighede. Gesien in die lig van Christus se duidelike opdrag om “een” te wees, tree gereformeerdes mos onchristelik op deur vas te klou aan die wesens-aspekte van hul belydenis!! Sodoende skep hulle mos eerder verdeeldheid as eenheid! Só word daar geredeneer.

‘n Verdere beswaar hou verband met die vraag of die klassiek-gereformeerde belydenis nie verouderd is nie. Kan iets uit die sestiende eeu nog pas in die 21ste eeu? Daar is immers ‘n hemelsbreë verskil in geestelike klimaat tussen die 16de en 21ste eeu! In die tyd van die Reformasie het die mens geleef onder ‘n sterk bewussyn van skuld en sonde. Die vraag was: waar kry ek ‘n genadige God? By die moderne mens leef eerder ‘n vraag na die bestaan van God en die sin van die lewe. Die vraag is dus of die klassiek-gereformeerde belydenis nog enigsins rekening hou met die ontwikkelinge wat sedert die 16de eeu plaasgevind het en of dit nog antwoorde kan bied op die vrae van die moderne tyd. Is dit nie grootliks verouderd nie? En, is die teologie en prediking wat op hierdie belydenis gebou is, nie net so agterhaal nie? Moet die wese van die geloof en die boodskap van die Bybel nie juis núút vertolk en bely word nie? Die wetenskapsbeoefening rondom die verstaan en uitleg van die Bybel het tog grootliks ontwikkel. So byvoorbeeld was die histories-kritiese omgaan met die Bybel ‘n stap vooruit. Die Bybel word immers vandag beter hanteer en verstaan as voorheen.

Ten grondslag van hierdie vrae lê die tendense van die moderne tyd. ‘n Ekumeniese gees beheers immers wêreldwyd die Christendom. Ter wille van “kerklike eenheid” word die eie konfessie verdring. Die *gemeenskaplike* dra groter gewig as die *konfessionele*. In ‘n ekumeniese liggaam word die konfessionele basis immers gereduseer tot slegs ‘n skamele basiese inhoud, soms selfs strydig met die Ekumeniese belydenisse (-Twaalf Artikels, Nicea en Athanasius) wat met die Drie Formuliere van Eenheid ooreenstem.

Verder leef ons in die tyd van individualisme waar gesag op kritiese wyse verwerp word. Elke mens moet self besluit wat hy glo of nie glo nie. Dit wat uit die verlede kom is by voorbaat onder verdenking. Die menslike rede is die god wat oor alles oordeel. Hieruit spruit die gees van relativisme waarvolgens elke mens self besluit wat “waarheid” is. Sodoende word dit wat uit die verlede kom verwerp of radikaal geherinterpreteer. Omdat ons vandag in ‘n ander konteks leef, moet ons eerder na ‘n nuwe belydenis vra wat relevant is vir die moderne mens. So word daar geredeneer.

Dit is midde-in hierdie klimaat waar talle gelowiges steeds onder Christus se juk wil buig en steeds aan hul lidmaatgelofte en legitimasie-eed (in die geval van leraars) getrou wil bly. Híérvolgens word Christus se oppergesag deur sy onfeilbaar-gesaghebbende Woord bely asook dat die inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls met die Woord ooreenstem. Wie sodoende onder Christus se juk buig, onderneem om in híérdie leer te volhard en alles wat daarmee in stryd is, te verwerp. Dit is ’n bevrydende ver-

bintenis omdat slegs die Waarheid 'n mens vrymaak (Joh 8: 32).

Deel van hierdie belydenispakket, is artikels 27-29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hier word ondubbelsinnig bely dat geen mens kragtens die geloof in Christus *outomaties* deel is van die Algemene (katolieke) Christelike kerk wat die kentekens het van die wettige (ware) kerk van Christus nie. Volgens die Skrif is dit juis elke gelowige se *roeping* om te onderskei wáár die wettige kerk konkreet vergader is en hom/haar dáár te gaan voeg. Dit is ook heel maklik om die wettige en onwettige (valse) kerk van mekaar te onderskei. 'n Kind van 7 jaar weet die wettige kerk is dáár waar die skape die Herder se stem hoor en daaraan gehoor gee (Luther). Die wettige kerk is geen volmaakte kerk nie, maar probeer om aan die suiwere leer van die apostels gehoor te gee (vgl Ef. 2:20. 1 Tim 3:15). Daarenteen is die uitstaande kenmerk van die *on*wettige kerk dat hy die *dwaling tolereer* en daaraan 'n plek gee náás die waarheid. Sodoende word Christus se alleenseggenskap ondermyn en verkry die *mens* die (mede-) seggenskap in die kerk.

Op die oomblik verkeer talle gelowiges - in verskillende gereformeerde kerke in Suid-Afrika - in 'n gewetenskrisis omdat hulle die ervaring het dat daar nie meer onder die juk van Christus gebuig word nie. Hoe gebeur dit? Dit gebeur waar die gesag van die Skrif aangetas word en leraars met wyduiteenlopende standpunte hieromtrent binne die kerk verdra word – ja, selfs diegene wat die antichristelike filosofie van die "Nuwe Hervorming" toegedaan is. Die juk van Christus word voorts

verloën waar die *Drie Formuliere van Eenheid* weinig praktiese funksie het in die lewe en diens van die kerk. Dit gebeur ook wanneer 'n "sinodokrasie" 'n topstruktuur vorm en die plaaslike gemeentes hiërargies oorheers. Dit gebeur verder wanneer aan die kerk gedink word as 'n "ruim huis met vele kamers" waar álmal 'n plekkie verkry deur middel van ruimhartige genaakbaarheid – die tipiese model van 'n pluralistiese (veelvormige) kerk - wat in stryd is met artikels 27-29 NGB. Dit gebeur voorts waar die liturgie en aanskoulike sakramentsviering en die subjektiewe ervaring van die méns die bediening van die Woord (as enigste heilsmiddel) verdring. Dit gebeur ook waar 'n kerk hom deur sy konteks laat lei – wat die huidige betref: die gedemokratiseerde "Nuwe Suid-Afrika" – en ten alle koste 'n "teologie van relevansie" bedryf omdat die konteks die lens is waardeur die Skrif betrag word en die kerk ten alle koste spook om relevant te bly. Die juk van Christus word ook verloën waar 'n kerk hom laat vasvang deur die filosofie van die sogenaamde "post-modernisme" met sy bodemlose relativisme waar daar geen plek meer is vir iets soos absolute waarhede nie.

Ten spyte van bogemelde en binne daardie konteks, is daar tans iets aan die gebeur: 'n Dringende begeerte groei by sommige gereformeerde gelowiges om óór die grense van kerkverbande heen, by mekaar te gaan sit in die lig van die Skrif en om saam te luister na die helder stem van die Opperherder. Die mond van die Herder kan immers nie gesnoer word nie. En waar die Herder praat, *sal* die skape vergader word. Hulle ken immers sy stem en vlug weg van die valse herders (Joh. 10:5). Op hierdie manier word *ware* kerkverband gevorm – dáár waar die Herder die seggenskap het, waar sy stem gehoor word en waar daar aan sy stem gehoor gegee word. Dit is kerkverband in die eenheid van die een ware geloof (Sondag 21 HK). Gaandeweg is die Gees van Christus besig om gelowiges in Suid-Afrika te vergader binne hierdie eenheid. Wát ook al die omstandighede, daar sál mos altyd 'n wettige kerk van Christus wees, want Hy is 'n Koning wat altyd onderdane sal hê (Art 27 NGB).

Dr. Chris Saayman is predikant van die Ned. Geref. Kerk Eendekuil ¤

NG KERK OP DIE TWEESPRONG

– Tyd vir radikale reformasie?

Dr. Lourens Erasmus

Onder hierdie titel het dr. Lourens Erasmus, moderator van die afgelope sinode van die NG Kerk in die Vrystaat, die gebeure tydens en na die Algemene Sinode van die NG Kerk in Hartenbos teologies beoordeel. Hy slaag daarin om die betekenis van die Algemene Sinode uitstekend te evalueer en tegelyk 'n goeie rigting vir die kerke aan te dui vir die toekoms. Wat werklik nodig is, is 'n duidelike sig op die gehoorsaamheid aan Christus voor en bo alles in die kerklike lewe. Dr Erasmus bied hierin uitmuntende leiding wat werd is om gevolg te word. Ons plaas die artikel soos verskyn in *Die Volksblad* van 10 November 2004 in sy geheel. *E.V.*

RONDOM DIE KERK: SUID-AFRIKA

Oor die NG Kerk en sy Hartenbos Sinode is reeds baie geskryf. En tog word die verwarring van wat gaande is in die kerk myns insiens net al groter. Baie moeite word gedoen om lig te probeer werp. Vanuit verskillende hoeke en met verskillende perspektiewe. 'n Saak wat veral baie aandag gekry het in die media, is die relevansie van die kerk ten opsigte van ons huidige tydsgewrig. Ondertussen moes die kerkleiding van die Algemene Sinode met persverklarings en media-berigte die beduidende verwarring onder lidmate en kerkrade oor bepaalde besluite probeer hokslaan.

Die sinode se tweekantige besluite in sake homoseksualiteit, kerk-eenheid en die aanvaarding van die Belhar belydenis moet geïnterpreteer en verduidelik word. Dit moenie verbaas nie, want die formaat van die sinode het 'n duidelike anti-rasionele en anti-teologiese tendens geskep. Dit is immers vooraf gesê dat die dae van groot debatte verby is. Ek is nie verbaas dat die sinode oor meer as een saak "ja" en "nee" moes gesê het nie. Dit is die uit-koms wat verkry word as jy op 'n sinodevergadering in gonsgroepe en in parallelle sessies konsensus moet probeer kry deur middel van groeps-denke oor sake waaroor daar allermins konsensus bestaan.

Wat vir my persoonlik ontstellend is, is dat soveel afgevaardigdes in der mate aangegryp was deur die geestelike belewenis wat deur uurlange liturgiese ervaringsessies en 'n afsluitingsritueel met kerse, brood en wyn bewerk is, dat daar 'n skynbare onbekommerdheid is oor die gevolge van die besluite wat geneem is - en wat nié geneem is nie. Dit verklaar ook waarom 'n vier dae lange bosberaad na afloop van die sinode met die NG Kerk "leiersgroep" buite Johannesburg gehou is met die oog op "outcome mapping". Geleentheid om krities te reflekteer oor wat by die sinode gebeur het, was daar nie gewees nie.

Met behulp van dieselfde fasiliteerders as by die sinode moes ons die beraad afskop om te sê "wat met jou by die sinode gebeur het". 'n Grootskaalse kerklike proses is gaande en word bestuur waarin soveel as moontlik betrek word om van binne uit met mekaar op weg te gaan. Wie enigsins van buite af kritiese vrae aan die proses wil stel, is bloot negatiwisties en wek ook irritasie op by diegene wat hulle laat vind vir die huidige proses. Oor die Hartenbos sinode en die besluite wat geneem is, is ek allermins positief. Die sinode het nie in die teken gestaan van teologiese verantwoording nie. Ek is bereid om dit nog skerper te sê. Die Skrif en die gereformeerde belydenis was nie die brandpunt van die sinode se werksaamhede nie.

Prof Johan van Rensburg van die Fakulteit Teologie aan die UV het volkome reg as hy skryf (Volksblad 6 November 2004) dat die sinode 'n teologiese paradigma-verskuiwing wég van die Skrif en die gereformeerde teologie in sy midde honoreer. Die verbysterende is dat so min wat deel was van die sinode of van die "leiersgroep" dit (wil?) insien. Maar juis op hierdie punt moet ons hoop en bid dat ons dalk nader is aan 'n radikale reformasie as ooit tevore in die geskiedenis van die NG Kerk. Hiermee bedoel ek 'n herstel van die kerklike lewe vanuit die radix, die wortel van ons bestaan. Dit kom neer op 'n terug-keer na die bronne van waaruit ons gebore is en waarsonder ons nie kan lewe nie. Om kerk te wees van-uit die Skrif en ons gereformeerde belydenis. Om weer op die spoor te kom van die intensies van die reformasie van die 16de eeu en die betekenis daarvan vir vandag. Refor-masie geskied ook nie by sinodes of by kerklike leierskap nie. Dit kom vanweë Christus en die Woord en die Gees in die harte van mense. Dit kom vanuit die hart van die kerk - die gemeente as gemeen-skap van die heiliges wat rondom Woord en sakrament deur Chris-tus self by die hand geneem word.

Die Algemene Sinode is nie die NG Kerk nie. Goddank nie. Ek bid dat die reformasie wat ons so nodig het sal kom deur die gemeentes waar die gesag van die Woord en die Heerskap van Christus onverkort bely word. Eers dan sal ons weer sinode kan hou soos ons gerefor-meerde vaders dit bedoel het. Om in die lig van die Skrif en ons bely-denis saam te buig voor Hom, die enigste Hoof en Opperherder. En om dan helderheid te kry oor sake soos Skrifgesag, belydenis-grondslag, sakramentsviering, uit-breiding van die belydenis, kerk-eenheid, teologiese opleiding, eenheid en verskeidenheid, spiritualiteit, kategese-onderrig en erediens-inrigting.

Oor hierdie sake bestaan daar tans in die NG Kerk nié helderheid nie. Ten spyte van al die kerse wat in Hartenbos gebrand het. Ons wil 'n roeping vervul terwyl ons ons blind hou vir die leer wat ons veronderstel is om te bely. Ons wil etiek beoefen sonder die dogmatiek. Ons sê sola ecclesia (die kerk alleen) in plaas van solus Christus (Christus alleen). Ek het min twyfel dat die tyd ryp geword het vir 'n radikale reformasie. Vanuit die radix. ¤

HERMENEUTIEK 'n STRUIKELBLOK VIR KERKEENHEID?

Ds. E. Viljoen

RONDOM DIE KERK: BINNELAND

Op 10 September vanjaar het deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in SA (VGKSA), die Gereformeerde Kerke in SA (GKSA) en die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) in Potchefstroom vir 'n gesprek ontmoet. Uit Nederland was dr. E.A. de Boer en ds. H. ten Brinke teenwoordig. Die GKSA was verteenwoordig deur Proff. Callie Coetzee en Dries du Plooy en drs. Douw Breed en Neels Smit. Die VGKSA afvaardiging het bestaan uit di. J.R. Visser, P. Nel en E. Viljoen.

VERWAGTINGS VAN AFGEVAARDIGDES

Met die oog op 'n beter kennismaking en verstaan van mekaar, is die samesprekings begin met 'n kort uiteensetting deur elke afgevaardigde van hul verwagtings van die vergadering. Aspekte wat in hierdie deel van die gesprek na vore gekom het, is dat daar 'n begeerte bestaan na groter duidelikheid oor hoe die pad vorentoe saam as kerke sou kon verloop. Onduidelikhede i.v.m. gebrekkige kommunikasie in die verlede is opgeruim sodat alle goeie vertroue in mekaar se goeie bedoelings as basis van die gesprek vasgestel kon word. Met name die afgevaardigdes van die VGKSA verseker die GKSA dat daar 'n opregte en ernstige soeke na eenheid met die GKSA is.

TERUGBLIK OP ZUIDHORN 2002

Die afgevaardigdes van die VGKSA het opdrag ontvang van die Johannesburg 2002 sinode om 'n afgevaardigde te stuur na die Zuidhorn sinode van die GKN (vrygemaak). Agtergrond vir hierdie besluit was dat verneem is dat 'n afvaardiging van die GKSA op die sinode teenwoordig sou wees om 'n finale pleidooi en motivering te bied vir die aangaan van 'n susterkerkverhouding tussen die GKSA en die GKN(v). Die bedoeling van die stuur van 'n afgevaardigde, was om die GKN(v) van nader in te lig oor die stand van samesprekings met die GKSA en dat daar pertinente voorbehoude was om op hierdie stadium oor te gaan tot daadwerklike kerkverbandelike eenheid.

Een van die deputate van die VGKSA, ds P Nel van Bethal, het op Zuidhorn-sinode 'n waarskuwingsein na die GKN(v) laat uitgaan waarin gemaan is vir 'n oorhaastige aangaan van 'n susterkerkverhouding met die GKSA. Ds. Nel het aandag gevra vir die voorbehoude wat die VGKSA tot hier gehad het om self op die oomblik kerklike eenheid as onmiddellik gewens en moontlik te sien. Onduidelikhede rondom die toleransie van skrifkritiek binne die GKSA en die kerklike opstelling teenoor o.a. die Nederduits Gereformeerde kerk was twee van die belangrikste waarskuwingseine wat op Zuidhorn gegee is.



Hierdie publieke verwoording van die standpunt van die deputate van die VGKSA het veel ongelukkigheid by die deputate van die GKSA veroorsaak. Ds Nel het geen nuwe besware verwoord nie, maar die geleentheid waarby dit gebeur het, was volgens die GKSA deputate 'n baie ongelukkige keuse. Die afgevaardigdes van die GKSA stel dat daar volgens hulle kerkregtelik onordelik op die sinode te Zuidhorn opgetree is deur getuienis vanaf die VGKSA toe te laat wat nie deur die GKN(v) getoets is nie. Die broeders van GKN(v) het aan die GKSA egter die versekering gegee dat die besluit van Zuidhorn om op die besware van die VGKSA deputate in te gaan, nie beteken dat die aanbod van ekumeniese eenheid afgekeur is nie. Die staking van stemme met die besluit hou bloot in dat die aanbod van die GKSA tot ekumeniese eenheid met die GKN(v), nog afgehandel moet word. Die afvaardiging van die GKN(v) gee ook die versekering dat hulle steeds streef na susterkerkrelasie met die GKSA soos die sinode te Zuidhorn besluit het. Die besluit oor ekumeniese eenheid (susterkerkrelasie) is dus hangende.

VGKSA EN GKSA

Die VGKSA se deputate het verklaar dat die voorval op die Zuidhorn ook vir hulle 'n onaangename voorval was. Die probleme soos op Zuidhorn verwoord van die kant van die VGKSA beteken nie dat die GKSA as 'n "skrifkritiese kerk" beskou word nie. Daar bestaan wel ernstige vrae en voorbehoude oor die mate van verdraagsaamheid en manier van hantering waar beweerde skrifkritiek wel in die GKSA voorkom. Toekomstige gesprekke tussen die VGKSA en GKSA sal hieroor en oor ander sake nog duidelikheid moet gee. Om spoedige opheldering van sake te bevorder is op die vergadering besluit dat samesprekings meer gereeld sal moet plaasvind.

SKRIFKRITIEK?

'n Kernpunt in die bespreking was 'n skriftelike kommentaar opgestel deur die deputate van die GKN(V) oor die GKSA se besluit oor toelating van die vrou tot die amp van diaken. Die gevolgtrekking van die Nederlandse deputate in hul geskrewe stuk is:

"De manier waarop de sinode 2003

is omgegaan met de Schrift inzake de vraag naar de openstelling van de diakenambt geeft er blijkt van dat de Sinode zich onderwerpt aan de Schrift, en zich niet laten beïnvloeden door Schriftkritische noties". Hierdie gevolgtrekking was ook volledig ondersteun deur die deputate van die VGKSA.

Dit beteken nie dat daar nie vrae oorgebly het na die hantering van skrifkritiek rondom bespreking van die saak van die vrou in die diakenamp binne die GKSA nie. 'n Studie wat gedoen is deur prof. Fika van Rensburg en andere in die Teologiese Tydskrif **In die Skriflig**, is besonder aanspreekbaar op die punt van hantering van skrifkritiese voorveronderstellings. Die afgevaardigdes van die GKSA beklemtoon dat hierdie genoemde studie wat vóór die sinode van 2003 oor die plek van die vrou gedoen is, nie 'n studie is wat deur die GKSA onderneem is nie, maar deur die universiteit. Die resultate van die studie was nie op die agenda van die sinode nie. Hiermee is alle vrae rondom die toleransie van hierdie standpunte nog nie totaal opgelos nie en bly dit onderwerp van bespreking vir toekomstige samesprekings.

VROUE AS OUDERLINGE?

Verder is gesprek gevoer oor die GKSA se besluit om vroue tot die amp van die diaken toe te laat. Afgevaardigdes van die GKSA beklemtoon dat dit onbillik sou wees om te aanvaar dat indien 'n kerk vroue tot die amp van diaken toelaat, dié kerk daarom Skrifkrities sou wees. Die GKSA afgevaardigdes beklemtoon die feit dat die GKSA in die besluitneming oor die vrou in die amp voortdurend gepoog het om dit volgens die duidelik geformuleerde hermeneutiese beginsels te doen wat reeds sedert 1886 in die GKSA as amptelike uitgangspunte geformuleer is. Die besluit soos geformuleer in die Handelinge van die sinode van die GKSA is sonder meer 'n minder gelukkige formulering. Dit was ruiterlik deur die GKSA deputate erken. Die manier waarop geformuleer is, wek die indruk dat hierdie besluit regstreeks aanleiding gee om nou die weg te baan vir verdere bestudering van die rol van vroue as ouderlinge en predikante. Die GKSA deputate verklaar egter dat die amptelike standpunt van die sinode was om daardeur eerder te vra dat ondersoek gedoen sal moet word na die verhouding van die GKSA nou met ander susterkerke van hulle wat wel die vroue toelaat ook as ouderlinge en predikante. Die GKSA wil juis doelbewus die rol van vroue as ouderlinge en predikante verwerp as in stryd met die Skrif.

VROULIKE DIAKENS

Waardering moet uitgespreek word vir die manier waarop die GKSA deputate die besluitteks van die sinode opgehelder het vir alle afgevaardigdes by die samesprekings. Daar is duidelik afgespreek dat hierdie opheldering ook in die amptelike kerklike pers van die GKSA gedoen sal word om spraakverwarring binne die GKSA te voorkom.

Die kerkordelike uitwerking van die besluit om vroue toe te laat as diakens moet egter nog gedoen word. Hiermee word bedoel dat die GKSA die uiters vreemde prosedure gevolg het om vroue sonder meer toe te laat as diakens en nou aan deputate die opdrag te gee om ondersoek te doen na die kerkregtelike vraag of die Skrif enigsins onderskeid maak tussen die manier waarop manne en vroue as diakens funksioneer. Daar lê juis 'n kernpunt in die hele diskussie rondom die plek van vroue in die ampsleer. Dit is duidelik dat die Skrif van vroue as "diakonesse" praat. In 1 Timotheüs 5 word breedvoerig aandag gegee oor die funksionering van sulke vroue in die gemeente wat vir so 'n taak aangewys en/of verkies word. Nog voorbeelde is Tabita en Febe.

Die vraag is egter na die verhouding van hierdie vroue se funksie t.o.v. die manlike diakens en kerkraad soos ons dit vandag in ons Gereformeerde kerkreg praktiese vorm gaan gee het. Hoe moet daar verder invulling gegee word in die lig van wat in NGB Artikel 30 bely word oor die regering in Christus se kerk? Die implikasies en betekenis van die besluit om vroulike diakens toe te laat sal amptelik in die GKSA eers uitgeklaar moet word.

Ongelukkig het die onduidelikhede rondom hierdie besluit reeds slegte uitwerking binne die GKSA gehad. In talle gemeentes is vroue sonder meer reeds bevestig as diakens sonder enige besinning oor die verhouding van hierdie vroue tot die manlike diakens. In die praktyk van die kerke het 'n praktiese skrifkritiek ongelukkig reeds begin funksioneer ten spyte van die versekering van die GKSA deputate dat hierdie sake eers deur aangewese GKSA deputate uitgeklaar moet word. Hierin speel 'n vorm van independentisme ongelukkig 'n baie sterk rol wat telkens weer 'n skaduwee werp oor moontlike mooi gesprekke wat tussen deputate van die onderskeie sinodes gevoer word. Hierdie sake vra dringende opheldering in toekomstige gesprekke.

VERDERE GESPREK

Die gesprek wat gevoer is, het 'n uitstekende basis gelê vir verdere gesprek in goeie vertroue tussen die VGKSA en die GKSA. Heelwat vrae leef nog in die gemoed van die VGKSA deputaatskap oor die ekumeniese opstelling van die GKSA in Suid-Afrika en in die buiteland. Dit is van die sake wat in die toekomstige samesprekings duidelik aan die orde sal moet kom. Van konkrete kerklike eenheid is op die oomblik nog nie sprake nie. Deputate van die GKN(v) sal moet gaan besin oor 'n aanbeveling na hul eerskomende sinode oor 'n moontlike susterkerkverhouding met die GKSA al dan nie. Indien hulle wel só ver kom, sal duidelike afsprake met die VGKSA hieroor aan die orde wees en sal oor die implikasies verder besin moet word. Dit is nodig dat die eenheid tussen kerke tot praktiese uitlewing moet kom en hiervoor moet 'n geskikte vorm gevind word. ¤

VOLHOUBARE ONTWIKKELING IN DIE KERK EN ONS RENTMEESTERSKAP

Gerard Hagg

VOLHOUBARE ONTWIKKELING

VOLHOUBARE ONTWIKKELING AS BYBELSE OPDRAG

Ontwikkeling beteken die ontplooiing van die skepping, insluitende die mens, om tot sy doel te kom, naamlik om God te dien. God het ons hierdie opdrag gegee in die bekende kultuuropdrag in Genesis 1:28, 2:15). Volhoubare ontwikkeling beteken dat ons die skepping nie mag uitput vir ons eie ontwikkeling nie sonder om vir die nageslag voldoende hulpbronne na te laat vir hulle ontwikkeling. Na die sondeval het die moontlikheid tot volle ontwikkeling verval, en is ontwikkeling ook nie volledig volhoubaar nie. Die skepping sug in barensnood (Rom 8:22).

God het die opdrag om te bou (ontwikkel) én te bewaar (volhoubaarheid) na die sondeval herbevestig. Dit beteken dat ons as rentmeesters die skepping, die gawes van God, sorgvuldig moet bestuur, vir onsself en vir die nageslag. Want God werk van geslag tot geslag en ons moet Hom hierin volg (Ps. 78). Ons lewe nie net vir die hede, vir ons eie behoeftes nie, maar vir Hom wat die Kerk deur die eeue in stand hou en ons daarby wil inskakel. Ons sal vir nie-volhoubare ontwikkeling, as dit deur ons eie nalatigheid, luiheid of egoïsme veroorsaak word, moet verantwoording aflê, nie allereers aan die volgende generasie nie, maar veral aan die Eienaar wat ons as rentmeesters aangestel het (1 Kor 3:12-15). So ontvang Hy in alles die eer.

God stel ons deur sy Gees in staat om ons rentmeesterskap uit te oefen. Hy laat ons immers as konings, priesters en profete in Christus se amp deel (Heidelbergse Kategismus, Son. 12). Daarby weet ons dat hierdie gawe en opgawe deur sy genade gegee is, en van daardie genade afhanklik is. In hierdie artikel sal ons stilstaan by die toepassing van volhoubare ontwikkeling in Kerkbou, en veral let op ontwikkeling in kerklike strukture en in kennis van die Heilige Skrif.

KERKLIKE STRUKTURE

Christus bou en bewaar sy Kerk van die begin van die skepping tot by die volmaking daarvan by sy wederkoms. Hy hou alles in stand, onder ander deur die gawe van strukture in die Kerk, soos die ampte en instellings. God is 'n God van orde, nie van wanorde nie (1 Kor. 14:33). In die Ou Testament was die erediens sorgvuldig gestruktureer. Die apostels het in navolging van Christus hierdie strukture verder uitgewerk, byvoorbeeld die tipe ampte, diakonale versorging of prediking (Hand. 6; 1 Tim. 2:2). Hoewel daar deur die kerkgeskiedenis dikwels onsuiwer hierop gebou is (bv. in die Roomse hierargie) het Christus elke slag weer troue rentmeesters gestuur wat die goeie fondament opgesoek het. Twee voorbeelde is die stelselmatige ontwikkeling van die Belydenisskrifte en die ontwikkeling van 'n Kerkorde in die Gereformeerde Kerke in Europa.

Christus se Gees het hierdie rentmeesters in sy Kerk gelei sodat die strukture lewendig, en daarom volhoubaar, bly. Belydenisskrifte is nie dooie argiefstukke nie, maar volhoubaar, blywend bruikbaar in die daaglikse stryd teen die ryk van Satan, omdat hulle die Woord naspreek. Die Kerkorde is nie 'n stel harde wette nie, maar reëlings wat op die lewende Woord gebaseer is, en so ook toegepas en aangepas kan word.

Ook vandag geld die band tussen ons rentmeesterskap in die Kerk en die Heilige Skrif. Een aktuele voorbeeld is die groei van lidmate in die sendingsgemeentes as nuwe rentmeesters wat tot die opbou van kerklike strukture kan bydra. Eers wanneer broeders voldoende insig in die Skrif en die vermoë om te regeer verwerf het, kan die ampte ingestel word. Hierdie groeiproses kan nie werklik deur mense beheer word nie, maar wel verantwoordelik bestuur word. Maar tydens hierdie groeiproses moet hulle ook die geleentheid kry om as rentmeesters te oefen, en behoort hulle nie as kinders of

Aros Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding

In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.

Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134 of e-pos rvdkooy@mailbox.co.za .

onbevoegdes behandel te word nie. Om te oefen word moontlike ampsdraers en teologiese studente uit ons sendingsgemeentes voluit by die kerkwerk betrek.

Die uitoefening van ons rentmeesterskap moet in die hele kerklike lewe deurgetrek word. Egpare is rentmeesters wat die gawe van die huwelik sorgvuldig volgens God se Woord volhoubaar moet ontwikkel (Ef. 5:22 e.v.). Ouers is rentmeesters, wat die opvoeding van hul kinders 'bestuur' en goeie onderwys vir hul kinders gee en soek (Deut. 6.6). By die huis moet kinders in die vrees van die Here opgevoed word. En as Christus die gawes gee, moet Skrifgebonde onderwysstrukture geskep word. Hierin bly die ouers die primêre rentmeesters. Die stigting van 'n skool mag nooit namens hulle gedoen word nie, ook nie in die 'onervare' sendingsgemeentes nie. Hoe minder ouers verantwoordelik gehou word, des te minder kan hulle as rentmeesters optree en groei. Die vraag kan gestel word hoeveel strukture ons in die verlede met ons kennis, geld en goeie wil in die sendingsveld gebou het, sonder dat die rentmeesterskap van die ontvangers gestimuleer is? Die ouers se verantwoordelikheid moet gehandhaaf bly, vir ons wat met Gereformeerde onderwys opgegroei het, maar ook vir die broeders en susters in Mamelodi en Soshanguve, wat vir die eerste maal hierdie onderwys begin.

KENNIS VAN DIE HEILIGE SKRIF

Die volhoubaarheid van rentmeesterswerk is uiteraard geheel afhanklik van die seën van die Here. Daarsonder is alles tevergeefs (Ps. 127). Maar rentmeesters mag verseker wees dat hulle werk volhoubaar is, as dit in gehoorsaamheid aan hulle Heer gedoen is. Daarom is goeie rentmeesters voortdurend met die Woord van die Here besig. Christus gee in sy genade strukture en ons mag hulle deur dieselfde genade bou om ons in staat te stel om sy wil te ken. Strukture soos ampsdienste, die teologiese opleiding, Bybelstudieverenigings, gereformeerde skoolonderwys, ens. dra daartoe by dat ons kennis en insig in die Skrif vermeerder (2 Tim. 4:2). Hierdie groei in kennis, insig en liefde help ons dan weer om die strukture te verbeter, te verdiep en lewendig te hou, sodat ons vermoë en wil om Hom te dien groei, en God sy eer kry.

Die vraag is of ons hierdie verband tussen Skrifkennis en kerkbou nog raaksien? Gaan ons na die kerk om as rentmeesters toegerus te word, of om ons eie geestelike behoeftes te bevredig? Besoek ons die Bybelstudieverenigings as passiewe waarnemers of as rentmeesters-in-lewenslange-opleiding? Is die teologiese opleiding vir ons 'n prioriteit in die toekoms van die Kerk, en kan ons daarvoor opoffer, of is dit net 'n spesialis-opleiding vir dosente en kuratore? Is die gereformeerde onderwys 'n noodsaaklike hulpmiddel vir die opleiding van 'n nuwe geslag rentmeesters, wat eendag die vaandel kan oorneem, of net maar 'n eie klub of gemaksone om die wyksouderling tevrede te stel? Laat ons op hierdie vrae antwoord as rentmeesters, wat luister na die roepstem van ons Eienaar, die Herder van die kudde.

VOLHOUBARE ONTWIKKELING BLY GENADE

Kerkbou is genadewerk. Dit gebeur nie deur eie krag of geweld nie, maar deur sy Gees (Sag. 4:6). God het kragtige beloftes gegee wat vir ewig volhoubaar is (Ps 105:8). En tog kan ons werk afgebreek word. Dit kan gebeur dat ons werk nie volhoubaar bly nie, dat dit tevergeefs lyk (Pred. 1:2). Ons lewe immers in 'n gebroke wêreld, ellendige mense in 'n skepping wat in barensnood is! Ook ons mees volmaakte werke is deur sonde aangetas. Verder werk ons in 'n stryd tussen lig en duisternis, en die Satan gaan nog rond soos 'n brullende leeu (Openb. 12:17). Hy breek ons werk op baie maniere af, waar hy kan. Hy verlei ons om welvaart of werksekerheid te stel bo die ampsdiens. Hy hou moeders besig met professionele loopbane sodat hulle die klein rentmeesters nie kan opvoed nie. Hy kan sy helse magte mobiliseer om ons werk te vernietig, kerke en skole te sluit, rentmeesters dood te maak. Hierdie stryd bly voortgaan, is volhoubaar, totdat Christus kom.

Ons mag bely dat Christus hierdie gebroke wêreld regeer. Hy is Koning en bepaal watter van ons werke mag bly bestaan. As Hy toelaat dat ons werk afgebreek word, is dit nogtans diensbaar aan sy heerskappy en daarin volhoubaar. Hyself sal die vrugte daarvan laat deurwerk, al sien ons dit nie self nie. Was, byvoorbeeld, die bloed van die martelaars nie altyd die saad van die Kerk nie? Ons werke sal ons dan ook volg in sy heerlikheid in (Openb. 14:13). Dan bly dit volhoubaar binne sy koninkryk.

VOLHOUBAARHEID VAN ONS RENTMEESTERSKAP VEREIS VOLHARDING IN DIE GELOOF IN GOD.

Die volhoubaarheid van ons rentmeesterskap bly slegs moontlik deur God se genade. Dit is 'n gawe van Hom wat ons deur sy Woord en Gees in ons amp versterk. Laat dit net nooit gebeur dat die bou van die Kerk beskadig word deur ons luiheid, of omdat ons moed opgee en ons geloof tekort geskiet het nie. Laat ons ons talente, die gawes van God, nie begrawe nie. Want rentmeesters moet rekenskap aflê van die talente wat aan hulle toevertrou was. En laat ons ons motivering en krag om goeie rentmeesters te bly, in voortdurende gebed by Hom soek. Laat ons daarom ook nooit die band tussen God se Woord en ons rentmeesterskap losmaak nie. Dit beteken twee dinge. Nooit mag ons aan die volhoubaarheid, die waaragtigheid en betroubaarheid van sy Woord torring en so die middel vir ons versterking verag nie. En daarom mag ons geen plek vir Skrifkritiek in die Kerk toelaat nie. Tweedens moet ons voortdurend onsself uit hierdie Woord bewapen en versterk vir die dag van stryd. En daarom mag ons nooit aan ons luiheid in die bywoning van die erediens en Bybelstudie toegee nie. Ons kan die goeie stryd as betroubare rentmeesters voer deur sy krag. Want sy beloftes bly tot in ewigheid in stand, volhoubaar, betroubaar. Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit verseker doen (1 Tess. 5:24) ¤

Antoon Breen: Gereformeerde Onderwys

Hilde Roos

ONDERHOUD

In November 2004 het Antoon Breen, koördineerder van Gereformeerde Onderwys van die *Free Reformed Church* in Australië, onderwysers en gemeentelede van ons kerkgemeenskap met sy begeesterde toesprake en insigte oor gereformeerde onderwys geïnspireer. In hierdie artikel het ek enkele aspekte van sy toespraak uitgelig en hom gevra om oor 'n paar sake uit te brei.

DIE DOEL EN INHOUD VAN GEREFORMEERDE ONDERWYS

Die doel van gereformeerde onderwys het onmiddellik in die middelpunt kom staan en Breen het uitgewys hoe maklik onderwysers voor die versoeking swig om die inhoud van onderwys meer belangrik as die doel te maak. Hy sê: 'Ons onderwysers raak verstrik in die inhoud van onderwys en vergeet dat die doel van onderwys met gereformeerde inhoud is om kinders se lewens te verander.'

In meer praktiese terme is die doel van gereformeerde onderwys om getrou aan God se Woord en op professionele manier God se verbondskinders voor te berei op diens in sy Koninkryk. Volgens Breen behoort hierdie onderwys binne die volgende raamwerk plaas te vind :

- in samewerking met die kerkgemeenskap,
- in lyn met 'n gereformeerde kurrikulum,
- deur middel van onderwys wat fokus op die kind se ontwikkeling en wat kinders God se Woord en Werk leer, en
- in gehoorsaamheid aan die Bybel en verbonde aan die gereformeerde belydenisgeskrifte.

Wat betref die inhoud van onderwys haal Breen aan uit Psalm 19 en beklemtoon hy verder as volg: '*Die Hemele vertel die eer van God, en die uitspansel vertel die werk van sy hande.* Ons leer God ken uit sy werk en die Psalm gaan voort in vers 8: *Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die Here is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.* Omdat God Homself aan ons deur sy Woord en Werk openbaar, behoort Christelike opvoeding op God se Woord en Werk te fokus. In artikel 2 van die NGB bely ons dat God Hom op twee maniere openbaar waarvan die eerste is: *deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld.* Onderwysers en leerders behoort dus aandag te skenk aan alle aspekte van onderrig as geheel.'

KERKLIKE GEMEENSKAP

Die belang van die kerklike gemeenskap en die sorg wat elke gemeentelid, ook dié wat nie eie kinders op skool het nie, het telkens na vore gekom. Verder noem hy dat gereformeerde onderwys 'n uitbouing van ouers se verantwoordelikheid t.o.v. hul kinders is, en nie 'n plaasvervanger nie. Breen het ná 25 jaar as onderwyser in die skoolgemeenskap van die Gereformeerde Kerke in Nederland, na Australië geïmmigreer en gevind dat hierdie beginsel daar baie goed funksioneer en toe weer van voor af besef hoe belangrik dit is. Dit word ook heel duidelik in die Australiese kerke se Kerkorde genoem.

Hy vertel oor die verskil tussen skole in Nederland en Australië in hierdie opsig: 'Die skaal in Nederland is heelwat groter as in Australië. Die hoeveelheid gereformeerde skole in 'n bepaalde area in Nederland val onder gesentraliseerde beheer en is die oorsaak van die steeds groter wordende gaping tussen ouers en die skool. 'n Verdere faktor is dat die onderwys regulasies van die Nederlandse regering só kompleks is dat dit noodsaaklik geword het dat alle bestuurslede professionele onderwysers moet wees. Tydens die ICRE (International Conference of Reformed Education) in Lunteren in Mei 2004 is dit indringend bespreek en teen die einde van die konferensie is die volgende 'onoffisiële' uitspraak hieroor gemaak: *Gereformeerde onderwys: a) vir God se verbondskinders, b) die verantwoordelikheid van ouers in samewerking met die kerkgemeenskap van Jesus Christus, c) word bedryf deur professionele onderwysers.*'

'n CHRISTELIKE SELFBEELD

Breen het beklemtoon dat verbondskinders 'n besondere plek by Christus inneem, soos hy dit so mooi in Engels verwoord: *Children are God's special treasure.* Dit het die vraag oor die vorming van 'n Christen se selfbeeld laat opkom. Hoe handhaaf 'n onderwyser die balans tussen die aanleer van 1) 'n sondebesef by 'n kind (wat kan lei tot 'n slegte selfbeeld) en 2) die aanleer van waardegevoel voor Christus (wat lei tot 'n goeie selfbeeld)?

Hierop antwoord hy: 'Indien kinders weet dat hulle God se afbeelding in Christus is, dan verstaan hulle hoe waardevol hulle is: skitterende tempels van die Gees (1 Korinthiërs 3:18) wat die glorie van Christus reflekteer (2 Korinthiërs 3:18). Dit wat die Bybel ons oor ons liggaam en gees leer, voorkom geringskatting van die liggaam omdat ons tempels van die Gees is. Vir dieselfde rede voorkom dit ook 'n oorskatting van die liggaam. Onderwysers behoort kinders te leer dat ons almal, a.g.v. ons sonde, nie God se afbeelding waardig is nie. Dit maak ons egter nie waardelose wesens nie want Christus het ons lief en sy Seun het vir ons gesterf. Hy is ons regverdigmaking voor God en dit gee ons die *vrymoedigheid om tot God te gaan, deur die gewete van vrees, verbaasdheid en skrik te bevry sonder om te handel soos ons eerste vader*

Adam, wat hom al bewende met vyeblare wou bedek. (NGB, artikel 23). In Christus maak God ons sekerlik vry van die tirannie van die Satan, maar *Hy verlos ons in hierdie lewe nie geheel en al van die vlees en die liggaam van die sonde nie* (DL, Hfs V, artikel 1). Onderwysers moet baie duidelik aan kinders leer dat selfverloëning vanweë ons sonde nie dieselfde ding is as selfverguising nie. Selfvertroue is nie 'n vertrou in ons eie reputasie of beeld nie (d.w.s. eie roem nie), maar dit is om eiewaarde te hê omdat ons God se afbeelding is, m.a.w. om sy beeld uit te dra.

LEIERSKAP: LIEFDE EN OUTORITEIT

Breen beskou die taak van die onderwyser as een van verantwoordelikheid. Hy meen dat 'n skool so ryk is as die man of vrou in die klaskamer. Leierskap is geestelike en professionele begeleiding, wat deur 2 eienskappe gekarakteriseer word: a) outoriteit wat van God kom (Romeine 13:1) en b) liefde, die vervulling van die wet (Romeine 13:10). Geen outoriteit sonder liefde nie, want dit lei tot blindelingse volgsaamheid of versteekte rebelsheid. En ook geen liefde sonder outoriteit nie want dit lei tot wanorde en verwarring. Onderwysers is dienende leiers.

DIE ROL VAN DIE REGERING

Die rol van die regering moet volgens Breen nie onderskat word nie. In ons land is die verhouding met die regering nie sonder problematiek nie, en ek het Breen gevra: 'In Suid-Afrika is die regering op die oomblik openlik nie-Christelik, maar dit is besig om in die rigting van anti-Christelik te ontwikkel. Hoe is die situasie in Australië en watter raad kan u gee aan Suid-Afrikaanse onderwysers?'

Hy antwoord: 'In Australië is ons dankbaar dat die regering ongeveer 70% subsidie aan Christelike skole gee en ons werk hard aan 'n Christelike tersiêre onderwys. Vir julle omstandighede sou ek sê dat dit belangrik is dat julle akademies goed vaar. Enige regering, of dit Christelik of nie-Christelik is, is gelukkig met deeglike en goeie onderwys. As die onderwysers getrou en professioneel is en die pedagogiese klimaat van die skool goed is, is elke inspekteur gelukkig. Die skole kan hulself aanbied met 'n spesiale visie, missie, kultuur en klimaat: 'n Gereformeerde identiteit en uitstekende onderwys. En bo alles: *beproef alle dinge, behou die goeie en onthou julle van elke vorm van kwaad* (1 Thessalonicense 5:21) en *alles wat waar, regverdig en lieflik is, watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit en die God van vrede sal met julle wees* (Filippense 1:8,9).

KRITIESE DENKE

Die ontwikkeling van effektiewe bevraagtekening strategieë verbeter, volgens Breen, die student se vermoë om na te dink en krities te handel. In die Afrikaanse kultuur word kritiese optrede of uitsprake teenoor gesagstrukture soms gesien as oneerbiedigheid of minagting.

Ek het gevra hoe mens 'n kind kritiese nadenke aanleer sonder om die grens na minagting oor te steek. 'Met *krities* bedoel ek dat die kinders moet leer om nie alles wat gepubliseer word, te glo nie, bv. wat op die Internet verskyn. Omdat iets op 'n akademiese webtuiste verskyn, beteken dit nie dat alles wat daar geskryf staan, waar is nie. 'n Goeie oefening in kritiese denke is om 2 artikels oor dieselfde onderwerp te vergelyk: bv. 'n stuk oor die kerkvader Augustinus geskryf deur 'n Rooms Katolieke of een deur 'n gereformeerde akademikus. So sal kinders verstaan wat kritiese denke is. Ek het altyd kinders in my klas gestimuleer om oop te wees met my, ook as hulle met my verskil van mening. 'n Verhouding wat op Christelike outoriteit en liefde gebaseer is en 'n pedagogiese klimaat wat deur Christelike regverdigheid en oopheid gekarakteriseer word, voorkom (na die mens gesproke) minagtende kritiek.

TUISSKOLING

Tuisskoling is 'n aktuele saak in ons kerkverband en daar is baie redes voor. Breen is egter nie ten gunste hiervan nie, en noem die volgende redes:

a) Vanuit die oogpunt van die ***kerk***: kinders word nie in die kombuis of badkamer gedoop nie, maar in die kerk met die hele gemeente as getuies. In die midde van die gemeenskap van heiliges belowe ouers om hul kinders in gehoorsaamheid aan die Bybel en in ooreenstemming met die belydenisgeskrifte op te voed. 1 Korinthiërs 12 leer ons dat elkeen in daardie kerkgemeenskap aan mekaar behoort en verantwoordelikheid teenoor mekaar het. Die Gereformeerde Skool het te doen met *koinonia* (sien 1 Korinthiërs 1:9, 2 Korinthiërs 6:14 en Filippense 1:5) wat beteken die gemeenskap van geloof en geestelike eenheid wat deur die Heilige Gees bewerk word.



b) Vanuit die oogpunt van die ***ouers***: kinders het geïnspireerde en kragtige onderwys nodig deur 'n gereformeerde en vakkundige onderwyser met 1) 'n deeglike basis van algemene pedagogiese beginsels (m.a.w. hoe kinders leer), 2) goeie inhoudelike kennis, en 3) pedagogiese inhoudelike kennis (m.a.w. hoe spesifieke kinders spesifieke inhoud aanleer) (sien hiervoor ook die artikel van G. Masters in *Building Teacher* Quality, 2003). Navorsing het getoon dat in diepte begrip, kennis en die vakkundige se vermoë om te dink en probleme op te los direk verband hou met 'n ryk kennisbasis oor die betrokke onderwerp. Om hierdie rede moet onderwysers in

diepte begrip hê van die stuktuur en epistemologie van hulle vak, gekombineer met kennis van onderwysaktiwiteite wat kinders leer om die vak-inhoud baas te raak. Gereformeerde onderwysers moet deskundiges wees, leiers, navorsers en skeppers van die kurrikulum. Verder moet hulle self die rol van die *onderwyser as leerder* uitleef en só kinders stimuleer om ook altyd te leer. Daar is 'n paar areas waarin volgehoue onderwys vir onderwysers nodig is: 1) Bybelkennis (inklusief ekklesiasties en eties), 2) kennis oor leer areas, 3) kennis oor leerders, 4) kennis oor hulleself, en 5) kennis oor onderwys-metodes, assessering beginsels en strategieë. *"Every teacher should be knowledgeable about, committed to, and skilled in being active learners who continuously seek, assess, apply, and communicate knowledge as reflective practitioners throughout their careers."* (M Fullan 1993). Ek kan nie sien dat ouers tuis aan hierdie vereistes kan voldoen nie. Natuurlik is daar noodgevalle waar tuisskoling die enigste op-lossing is, maar in Suid-Afrika waar gereformeerde onderwys beskikbaar is, is die omstandighede nog nie so krities nie.

c) Vanuit die oogpunt van die ***kind/leerder***: kinders/leerders moet leer om met hul leeftyds-genote te speel. Hulle moet ook leer hoe om met mekaar in allerhande omstandighede om te gaan, dit is goeie oefening en voorbereiding vir hulle deelname aan die breër gemeenskap as hulle ouer is. Hulle behoort die geleentheid gegee te word om individueel te leer maar ook in groepsverband omdat dit van hulle as lede van die gemeen-skap verwag word. Hiervoor moet hulle dus leer om hulleself te kan handhaaf in interpersoonlike verhoudinge. Skoling met leeftydsgenote gee hulle hierdie geleenthede.

Tot slot kan die kern van Breen se visie as volg opgesom word: Gereformeerde onderwys gaan oor opvoedkundige kwaliteit en Christelike identiteit. Die skole moet beide opvoedkundige voortreflikheid en Christelike beginsels navolg. God se verbondskinders moet onderrig word deur bekwame en getroue onderwysers, onderwysers wat vol is van geloof en wat weet dat om onderwys te gee, is om die kind se hart te raak en wat weet dat God 'laat groei' (1 Korinthiërs 3:6). ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Ds Evert Jan HEMPENIUS, predikant van die Vry-gemaakte Kerk in Voorthuizen-Barneveld, behandel in 'OVER LIEFDE EN ZO' in twintig kort hoofstukke diverse aspekte van die tema liefde en trou. Relasies, betekenis van die huwelik, saambly en seksualiteit, egskeiding en homofilie word onder andere bespreek. Die skrywer wil die leser help om te ontdek wat die Bybel oor hierdie onderwerpe sê. Hierdie boek is die vierde deel in die reeks 'To the Point', 'n reeks wat vir jongmense vanaf ongeveer 15 jaar geskryf is en aktuele onderwerpe behandel. Die prys is R115. 129 bl.

TIM DOWLEY: Die atlas van die Bybel – 30 kaarte in volkleur, eenvoudige verduidelikings, van Abraham tot die vroeë kerk. Volledige indeks. Slegs R44,95

Tweedehandse konkordansie van die Bybel, tweede druk 1982. 'n Naslaanboek om altyd by die hand te hê! R195.

CALVYN VIR VANDAG – saamgestel en vertaal deur prof FJM Potgieter. 'n Mooi dagboek! R95

CD nr clc74004: Israelliederen – favoriete liederen over Jeruzalem en Israel. Koorsang, iso-ritmiese samesang met John Propitius, orrel, piano, viool, panfluit, solosang, fluit, hobo en synthesizer. R115

Monumenta inter Organa Neerlandica III – Rudi van Straten bespeelt het orgel van de Paleiskapel op 'Het Loo' te Apeldoorn en het orgel van de NH Kerk te Vorden. Bach, Pachelbel, Krieger, Hesse en Krebs. R160 ¤

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Tolle Lege (Pretoria)
(Adri Buenk)
14e Laan 961
Wonderboom-Suid
0084
Tel 012 – 331 3750



Folmer Boekhandel (Kaapstad)
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

ARMOEDE IN DIE KERK

J Mhlanga

SAMELEWING

Hierdie onderwerp kan op twee maniere benader word: eerstens kan ons armoede oorweeg soos dit in ons land voorkom d.w.s. ons rol in die regering om armoede te beveg. Die tweede manier is die armoede in ons kerke en vir die doel van hierdie artikel sal hierop gefokus word. Die rede hiervoor is dat dit 'n saak is waarmee ons as broers en susters in Christus te doen het.

Oorweeg die volgende: Jy is 'n huishulp wat drie dae per week werk en ook 'n moeder van vier kinders. Aan die einde van die maand het jy R800: hiervan gaan R150 vir 'n bus- of treinkaartjie, jy moet R200 betaal vir water en R300 vir elektrisiteit. Dan benodig jy R279 vir jou daaglikse brood en dan is verdere voedsel, tiendes vir die kerk en huishuur nog nie in berekening gebring nie. Die prentjie kan nog baie donkerder wees as daar geen werkende lid in die familie is nie. Wat is die rol van die kerk in 'n situasie soos hierdie? Wat is die verantwoordelikheid van ons as gemeentelede? Kan ons help om die situasie te verbeter? Ons kan uit die OT leer op welke wyse ons as kinders van God, armoede moet hanteer.

Die teks wat ons gebruik, is Deut. 15:1-11 en dit is opmerklik dat die woord "armes" driemaal voorkom, in vers 4, 7 en 11. Dan wil dit ook voorkom asof daar 'n teenstelling in die skrifgedeelte is. In vers 4 staan: "daar moet geen arme by jou wees nie", maar in vers 7 lees ons "as daar by jou 'n arme is", en vers 11 "want die arme sal in die land nie ontbreek". Ek dink dat die regte manier om die teks te lees, is om vers 11 as die probleem te sien wat die Israeliete sal ondervind (en ons ook) en dit is dat daar arm mense in die land sal wees. Vers 7 kan dan gesien word as oplossing vir die probleem en vers 4 sal dan die doel wees, naamlik dat daar geen armes onder ons moet wees nie. Hierdie teks behandel dus die manier waarop ons armoede moet beskou, die redes en wyses waarop ons dit moet beveg en ons doel in hierdie stryd teen armoede.

DEFINISIE VAN ARMOEDE

'n Persoon word as armoedig beskou as dit hom aan een of meer van die volgende ontbreek:

Voedsel

In Deut. 24:6 lees ons die volgende wet: "Niemand mag die handmeul of die boonste maalklip as pand neem nie, want hy neem die lewe as pand." Die mense het hierdie voorwerpe nodig gehad om voedsel te produseer en so vir hulself te sorg. Deur dit te neem, sal die persoon 'n tekort aan voedsel ondervind en verarm hy.

Klere

'n Kleed mog nie vir 'n hele dag as pand van die arm man geneem word nie. Dit mag die enigste wyse wees waarop hy warm kan bly (Deut. 24:10-13).

Huisvesting

In Lev. 25:25-31 kan ons lees wat God se wette was i.v.m. huisvesting.

Hierdie punte word deur Paulus opgesom in 1 Tim 6:8: "Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees (sien ook Jak. 2:15).

Uit al hierdie dinge kan ons sien dat 'n mens die reg het op voedsel, klere en huisvesting, niemand moes hierdie basiese dinge ontsê word nie. Daarom kan ons ook sê dat iemand wat arm is, 'n persoon is wat geen toegang het tot die basiese dinge van die lewe nie.

Dit is die eerste ding wat ons uit die Bybel leer. As daar vandag van armes gepraat word, word dit nie bedoel dat hy geen motor het, of nie vir sy kinders 'n TV kan bekostig nie. Ons moet die Bybelse riglyne gebruik en duidelik bepaal wat die basiese behoeftes vandag is. Daarna moet ons verseker dat die medegelowiges in die gemeente toegang het daartoe.

DIE STRYD TEEN ARMOEDE

Tweedens moet ons kyk hoe armoede in die OT beveg is. Hier gaan ons op twee punte let nl. die rede waarom armoede beveg is en ook op welke wyse dit gebeur het.

Die eerste rede waarom armoede beveg word, is God. Die nadruk val hier op God as die voorwerp van aanbidding. In die OT was die aanbidding van God verbondsmatig. Die nadruk was op die hele volk, alhoewel die individu nie vergeet is nie. Dit was die taak van die volk as geheel om toe te sien dat God deur al sy verbondskinders aanbid word. Die volk was God se kinders en Hy was hulle God. In Lev. 26: 9-12 lees ons daarvan: "En ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees".

Armoede is gesien as 'n struikelblok in die aanbidding van God. Dit was met verwysing hierna dat 'n gebed van Agur deur die verbondsvolk van God gebid is: Gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie en sê: Wie is die HERE? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie (Spreuke 30:8-9). Op grond hiervan moes die rykes vir die armes voorsien, sodat hulle sonder kommer voor God kon lewe. So is die naam van God ook onder sy verbondsvolk geprys.

Die tweede rede waarom armoede beveg word, is Skepping en Rentmeesterskap. Dit word baie duidelik benadruk in 'n psalm van Dawid waar hy God prys met die volgende woorde: "Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon" (Ps. 24:1). Hierdie wete het 'n groot rol in die lewe van God se volk gespeel, selfs nog voor hulle die beloofde land ingetrek het (Eks. 19:5). God is beskou as die fontein van alle goeie dinge en die volk het op Hom vertrou. Dit het meegebring

dat 'n seën wat jy ontvang het, nie net vir jou bedoel was nie. Daarom kon God ook die bevel gee dat daar geen arme onder sy volk mog wees nie. Wat volg, is die rede vir hierdie opdrag: "Maar daar moet geen arme by jou wees nie, want die HERE sal jou ryklik seën in die land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee om dit in besit te neem ... want die HERE jou God seën jou soos Hy jou beloof het ...." (Deut. 15:4-6).

Die bevel is gebaseer op wat God vir sy volk wil doen. Dit is dus 'n oproep tot rentmeesterskap: God se volk moes aan Hom verantwoording doen oor al die seëninge wat hulle van Hom ontvang het. Niemand mog dus roem op sy eie werke nie, hulle moes erken dat alles van God kom. (Deut 8:17-18) Daarom was almal verplig om om te sien na 'n arm volksgenoot en was dit sonde as dit nie gebeur het nie. Daarom kon die profete ook die volk aanspreek oor die hantering van hul rykdom (Amos 8:4-6). Deur die armes te versorg, is getoon dat God se seën erken word. Dit was 'n liefdesdaad teenoor God en sy volk. Die laaste rede is verlossing uit Egipte. Die teks wat ek onder u aandag wil bring, is Deut. 24:17-22 waar tot twee keer herhaal word: "Jy was 'n slaaf in Egipte en die Here jou God het jou daaruit verlos. Hier kan ons ook sien dat dit die vreemdeling, die wees en die weduwee is, wat as arm beskou is, alhoewel dit nie altyd die geval was nie. Daar moes vir hulle voorsiening getref word, omdat hulle nie vir hulself kon sorg nie. Die volk kry nou die opdrag om vir hulle te sorg; die armes moet ook by die oes baat vind. In die versorging van die armes, sal die volk onthou dat hulle slawe in Egipte was.

Die volk is weer herinner aan hulle lewe in Egipte, aan hul slawerny en slawerny is ook geassosieer met armoede. Die feit dat God Israel gebring het na 'n land van melk en heuning, is 'n duidelike teken van verlossing. Dit is egter ook 'n feit dat nie almal dit ervaar het nie, selfs ons teks maak dit duidelik – "want die arme sal in die land nie ontbreek nie". Daarom voel die armes asof hulle nog steeds in Egipte is, selfs al is hulle deur God gered. Vir hulle mag die beloftes van God oor 'n land wat oorvloei van melk en heuning, niks beteken nie, omdat hulle nog steeds moet stry vir die basiese behoeftes van elke dag. Die enigste manier waarop hulle hierdie beloftes kan begryp, is wanneer daar in hierdie behoeftes voorsien word deur hulle medegelowiges. Op hierdie wyse smaak almal die redding wat God geskenk het.

Ek wil nie die verlossing van die Israeliete gelykstel met die verlossing wat ons in Christus het nie, maar ek wil hê daar moet nagedink word oor ons saligmaking; wat dit vir ons beteken as ons armoede ondervind. Is ons dade in ooreenstemming met ons geloof? Onthou Jak. 2:14-17.

DIE MANIER WAAROP ARMOEDE HANTEER KAN WORD

As ons die OT lees, besef ons dat daar twee maniere is om met armoede om te gaan nl. die kortermynmetode (noodplan) en die langtermynmetode (ontwikkelingsplan).

Met die kortermyn bedoel ek dat daar vir die volk daagliks of op 'n sekere tydstip, voorsiening gemaak is. God het die voorsiening beveel en so is omgesien na die daaglikse versorging van die mense. Hierop kon die armes daagliks reken. Sodoende was die rykes verplig om na die armes om te sien.

Gedurende die oestyd mog die plukkers nie terugdraai om die oorblyfsels op te tel nie, aangesien dit vir die armes bestem was (Deut. 24:19). Die armes is ook toegelaat om in die fees te deel, want op hierdie manier kon hulle geniet van God se seëninge (Deut 16:9-12). In die Sabbatsjaar is skulde gedelg en is die grond nie bewerk nie. Hierdeur het die arme ook 'n oes gehad, is hulle skulde vrygeskeld en kon hulle in hul eie behoeftes voorsien (Lev. 25:1-17 en Eks. 23:10-11).

Die stryd teen armoede was dus vir die verbondsvolk 'n manier om God te aanbid en so het hulle ook geleer om tevrede te wees met die voorsiening wat God hulle gee.

Foto: Guy Stubbs

Foto: Guy Stubbs

Die langtermynplan behels armoedeverligting. Hier is die doel om 'n persoon op so 'n wyse onafhanklik te maak, dat hy in staat is om ander armes, insluitende sy eie familie, te help. Hier kan die lossing van grond as voorbeeld gebruik word (Lev. 25:23-28). Daar moet in gedagte gehou word dat grond 'n groot rol gespeel het in die lewe van die volk. Die grond was hulle rykdom, waarskynlik die waardevolste van al God se seëninge. Daarom was dit die heel laaste besitting wat verkoop sou word. Elke familie het 'n stuk land ontvang waarop voedsel geproduseer moes word, en waarvan die vee gevoer moes word. Hierdie grond was dus belangrik in die daaglikse lewensvoorsiening van 'n familie en as hulle dit verloor, sou dit 'n toename in armes veroorsaak. Daarom mog 'n stuk land ook nie vir altyd verkoop word nie. Die rede hiervoor is nie net maatskaplik nie, maar God is die eienaar van die land, Hy voorsien in die daaglikse behoefte van sy kinders. Besit van die land het beteken dat die eienaar vir sy eie familie kon sorg en daarby ook kon omsien na die nood van ander armes onder God se verbondsvolk. Hier wil ek dan graag Paulus se woorde in Ef. 4:28 aanhaal: "sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het".

Dit is ook ons roeping in die bekamping van armoede. Dit is nie genoeg om net voedsel en geld aan die armes te gee nie. Ons moet ook met maniere kom om hulle te ontwikkel, sodat die armes op hul beurt, hul gegewe verantwoordelikheid aan God kan nakom. Dit is ook die rede waarom 'n Christelike regering sal streef vir werksverskaffing aan alle mense.

REDES VIR ARMOEDE

Die hoofrede vir armoede is sonde. Ons sal almal seker saamstem dat armoede begin het by die sondeval (Gen. 3). Ons leef nog met die gevolge hiervan en daarom kan ons met sekerheid sê dat ons altyd die armes met ons sal hê. Nog 'n rede is luiheid (Spr. 24:30). Ek is van mening dat mense wat finansieel deur die kerk gehelp word, of nie hul tiendes kan bring nie, sekere take in die kerk kan verrig. Ouers moet ook hul kinders leer om te werk en om geld vir daaglikse brood te verdien (Spr. 6:6-11). Om iemand met die lepel te voer, is om hom dood te maak, maar deur 'n persoon te leer werk, word hy lewenslank toegerus.

'n Verdere rede vir armoede, is in my eie terme: slegte gedrag. Hiermee bedoel ek 'n oormaat eet en drink (Spr 23:20-21). Dit het 'n groot invloed op die gesin en daar is baie kinders wat sonder die nodige basiese behoeftes moet klaarkom omdat ouers te veel geld spandeer op drank of "die lekker dinge in die lewe". Weiering om te studeer kan ook nog as 'n rede genoem word (Spr. 13:14).

Die laaste rede is die onwyse besteding van geld (Spr. 21:20). Dit is baie toepaslik in ons situasie, omdat ons in 'n tyd leef waar oorspandering van geld in baie huishoudings voorkom. As Christene moet ons probeer om nie op krediet te leef nie.

Ek weet nie wat jou opinie is van 'n ouer in die gemeente wat nie vir sy gesin kan sorg nie – wat ek wel weet is dat dit ons roeping is om vir hulle te sorg. Hulle is deur God daar geplaas om ons gewetens aan te spreek, maar ook dat ons die hand van God vir hulle kan wees. Daarom moet ons vir hulle sorg; die liefde van God dryf ons daartoe. Die antwoord op armoede is dus redelik eenvoudig: God het jou geseën met materiële dinge, opleiding, talente, ens. Moet dus nie jou hart verhard en vergeet wie jy is nie, maar wees besorgd oor God se roeping tot jou. Die stryd teen armoede is nie net die van die regering nie, maar ook my en jou taak. Laat ons hande neem en saam staan in hierdie saak – toon so ons geloof met ons dade. ¤

Die bestuur, redaksie en administrasie van Kompas wens al sy lesers en ondersteuners 'n geseënde Kersfees en jaarwisseling toe.

LITURGIE

– Troon van die Here of besprekingspunt?

H. Walinga

LITURGIE

Wanneer u hierdie opskrif lees, sal u dalk sê: "Dit is 'n valse teenstelling". U is eintlik reg. Tog het ek vir hierdie titel gekies, omdat dit dikwels voorkom dat ons so fel en so uitgebreid diskusseer oor die sang in die kerk, dat ons dreig om die woorde van Psalm 22 ("Die Here is die heilige wat woon onder die lofsange van Israel") uit die oog te verloor.

'n Troon is meer as net 'n sitplek. Dit is 'n ereplek. Dit is 'n setel van waaruit daar mag uitgeoefen word. Hoe mooier die troon is, hoe groter is die eer vir Diegene wat daarop setel. Ons psalms en gesange en ander geestelike liedere, vorm die boustene, die sierstene van die troon van God! Dit is goed om daaraan te dink voordat ons gedagteloos (saam)sing. Die Almagtige wil nie sit op 'n troon wat uit agteloos neergegooide stene bestaan nie. Ons sang, of dit nou in die eredienste is of op ander plekke, vra om sorgvuldigheid, aandag en ontsag.

WAT VAN DIE DISKUSSIES?

Ons sien hier twee groepe. Die een groep sê: "Gemeentesang saam met die orrel: dit is die ware Jakob." 'n Ander: "Hoekom is daar nie 'n koor in die kerk nie, wat van beurtsang? En hoekom nie ander musiekinstrumente of ander musiekstyle nie?"

Soos wat ongelukkig by baie diskussies gebeur, is die mees gebruikte metode om maar net mekaar se argumente aan te val. Dan hoor ons: "Net 'n orrel? Maar dis mos onbybels! Israel het nie orrels gehad nie!" En aan die ander kant: "'n Koor in die kerk? Dis hoe dit begin het by die Roomse Kerk en ander afvallige kerke!"

Soms wanneer ek met iemand oor die sang in die kerk praat, dink ek aan die storie van die boer in die gemeente. Sy buurman in die kerk, het nogal ontakties opgemerk: "Kan jy nie bietjie sagter sing nie, jy sing vals." Waarop die boer antwoord: "Ek sing nie vir jou nie."

Sing vir die Here. Sing tot sy eer. Sing as sierstene vir sy troon. Dan maak elkeen met sy of haar eie talente die mooiste daarvan. Dan maak ook die gemeente, met haar kollektiewe talent, die mooiste daarvan.

Dan mag en moet daar baie gebeur! Dan moet ons die talente wat die Here gee, ook gebruik waar dit moontlik is. Nee, nie om die fluitspeler in die skynwerpers te sit nie, of om na die orrelkonsert van die orrelis te luister nie. Hulle fluit en speel "nie vir jou nie". Aan die ander kant hoef hulle ook nie anoniem te bly nie. By die bou van die tabernakel en die tempel word die kunstenaars met name genoem. Maar daar word nadruklik bygesê dat die Here hulle hierdie gawes gegee het.

Die eer van die Here moet die deurslaggewende kriterium wees by ons gesprekke oor die sang in die erediens. Dan moet ons nie probleme opwerp by die vraag of beurtsang, ander instrumente of 'n koor in die kerk toegestaan mag word nie. Nee, maar ons moet wel



gaan kyk na die vraag of ons met beurtsang of ander instrumente die eer van die Here voor oë het. Dan moet ons ook gaan kyk na die vraag of ons gemeentesang by die orrel die Here eer, en of ons dalk net gedagteloos daarmee besig is.

Daar was 'n tyd in die geskiedenis dat daar baie min gesing is in die kerk. Dit was as reaksie op die oordrewe aandag wat die sang in die vroeëre kerk gekry het. Die nadruk het geval op die prag en skoonheid van die kerkmusiek. Die woordbediening het 'n "stene-vir-brood"-bediening geword. Die Hervormers het gesien dat die woordbediening daaronder gely het, en daarom het hulle minder gesing. Hieruit blyk dat hulle die kriterium nie by die hoekom gelê het nie, maar by die hoe.

Dit moet ook geld vir ons gemeentesang: as ons die Here beter kan eer deur 'n beurtsang te sing, dan moet ons dit doen (sommige psalms is daarvoor geskryf!). Maar as ons 'n beurtsang wil sing omdat ons ons eie eer voor oë het, dan mag ons dit nie sing nie.

Die sang in die erediens is een van die onderdele waar die gemeente self aktief is. Dit verklaar miskien waarom nuwe berymings en nuwe gesange tot sulke fel diskussies kan lei. Dit was nog altyd so gewees. Psalms is ideaal om uit die kop te leer. Wanneer daar dan 'n nuwe beryming kom, moet jy weer van voor af begin. Bowendien is baie psalmberymings beslis nie vry van die invloed van die gees van die tyd nie.

Ons weet nie watter liedere die eerste Christelike gemeentes gesing het nie. Die Romeinse stadhouer Plinius het in 112 n.C. in 'n brief geskryf dat die Christene dou voor dag opstaan en Christus "as 'n God besing". Dat hulle Christus se naam besing, beteken dus dat hulle nie Ou-Testamentiese psalms gesing het nie. Ons ken ook die opmerkings van Paulus in Efesiërs 5 en Kolossense 3, waar hy praat oor psalms, lofsange en geestelike liedere.

In die eerste eeue, toe die kerk 'n sekere status in Europa gekry het, is baie digters van geestelike liedere beïnvloed deur teologiese en dogmatiese sake. Relikwieë en heiliges is besing. Ook die liedere rondom die Nagmaal wat later vervang is deur die mis, het 'n groot plek in die kerk gekry. 'n Ander negatiewe gebruik was dat die leer van Arius, wat die Godheid van Christus ontken het, versprei is deur die liedere wat hy gemaak het. Die latere mistiek van die Middeleeue is ook te sien in die kerkliedere van toe. Die omgekeerde is ook te sien: deur die kerkliedere is die mistiek versprei en het dit 'n stewige plek in die geloofslewe van die mense gekry.

Ons sien hiermee ook die wisselwerking: mense maak liedere oor bepaalde geloofsonderwerpe, en wanneer hierdie liedere baie gesing word, kry hierdie onderwerpe 'n vaste plek in die geloofslewe.

Luther, Calvyn en Zwingli het baie verskillend met die sang in die erediens omgegaan. Luther het baie liedere geskryf. Ons ken almal "'n Vaste burg is onse God". In die Lutherse kerke is daar baie gesange gesing.



Zwingli het alle Latynse sang in die erediens onmiddelik afgeskaf, maar niks daarvoor in die plek gesit nie. In sy kerkdienste is daar nie gesing nie.

Calvyn het met groot ywer 'n Franse liedboek saamgestel, waarin die Psalms, enkele skrifberymings en 'n paar gesange opgeneem is. Dit word die Geneefse Psalter genoem. Die invloed van hierdie liedboek was enorm. Nederlandse, Skotse en Engelse kerke het die melodieë en vers-indeling hiervan gebruik. In die Calvinistiese kerke is daar dus baie berymde psalms gesing.

In die Nederlandse kerkgeskiedenis sien ons dat daar dikwels meningsverskille oor gesange was. Een van die oorsake van die Afskeiding was die afdwing van 'n gesangbundel met 'n baie swak inhoud. Tog was daar by hulle nie 'n absolute afkeer van die gesange nie. In die Gereformeerde Kerke is daar dan ook al gou gekyk na die uitbreiding van die Psalmboek met gesange.

Die sang in die kerk vra om sorgvuldigheid. Dit vra oefening en selfs opleiding. Dalk moet ons 'n slag gaan kyk na die vraag wat die gevolg is van die Nuwe Testamentiese bedeling vir die sing en begeleiding in die kerkdiens. Wat is die verskil met die Ou Testament? Daar was goed opgeleide kore en profesionele musikante. Dit is duidelik dat nie die hele gemeente daar mondig was nie. Die vraag bly krap: is die Nuwe Testamentiese gemeente net so "mondig" soos Asaf se koorlede, in die letterlike betekenis?

Miskien moet ons gaan nadink oor die vraag of ons iets aan opleiding moet doen. Opleiding van orreliste, fluitspelers, trompetiste en dalk ook kerkkore? Opleiding in die diens van die musiek, soos wat daar ook 'n opleiding vir die diens van die Woord is? Laasgenoemde dien daarvoor dat die gemeente die Woord verstaan en uitvoer. Dalk kan daar ook 'n opleiding kom vir

mense wat die gemeente lei in een van die mees ekspressiewe onderdele van haar diens aan God, naamlik die gemeentesang?

Ek wil ook nog aandag vra vir iets wat eintlik aan die begin van die hoofstuk behoort: die orrelis en sy/haar spel. Bose tonge beweer dat daar drie soorte mense in die gemeente is wat moeilikhede veroorsaak: die predikant, die koster en die orrelis. Ek vrees dat hulle vergeet om die gemeentelid daarby te noem. Hierdie drie persone kry as gevolg van die belangrike rol wat hulle in die erediens speel, die meeste kritiek. Ek wil hier net gou na die orrelis kyk. Volgens my moet ons vir hierdie persone meer respek hê. Wie berei die diens so intensief voor as die meeste orreliste? En wie is ek, as gewone gemeentelid, om te oordeel oor die gawes wat die Here aan die broeder of suster gegee het? Natuurlik, as die persoon die werk afskeep, mag daar Christelike kritiek wees. Maar hulle wat op hulle eie vlak en met hulle eie moontlikhede, trou die diens voorberei, moet ons waardering ontvang.

Sang as sierstene vir God se troon! Nie tot eer van die gemeente, die orrelis, die mannekoor, kinderkoor, trompetis of wie dan ook nie. Hulle mag die stene aandra, nie vir hulle eie setel nie, maar vir die troon van ons hemelse Vader.

Hierdie artikel is 'n bewerking van die vierde hoofstuk uit die boek van H. Walinga: Liturgie, vorm op Zondag, voorbeeld in de week. Met toestemming van die outeur vir Kompas vertaal en bewerk deur Karina Ijlst. ¤

DIE KERK IS CHRISTUS SE GEMEENTE (I)

- Enkele opmerkings by die tema: Die kerk in die Skrif

Ds JR Visser

LEER EN LEWE

Op 23 en 24 September 2004 is daar in die Kaap 'n konferensie gehou waarvan die tema die kerk was. Hierdie konferensie is bygewoon deur mense uit verskillende kerke wat die 3 Formuliere van eenheid aanvaar as Belydenisskrifte wat volledig met God se Woord in ooreenstemming is. By hierdie geleentheid het ek die volgende lesing aangebied wat in twee dele in *KOMPAS* gepubliseer sal word.

As 'n mens die opdrag kry om oor die kerk in die Bybel te praat, moet 'n keuse gemaak word. Ek het daarvoor gekies om veral op die gemeenskap van die HERE met sy volk te fokus. Die gemeenskap tussen die Seun van God en sy kerk. Juis in ons tyd is dit baie belangrik om daarop te let. As ons vra wat die kerk is, is ook vir die kerk van die grootste belang wat Christus, wat sy kerk vergader in Joh. 15 sê: "Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. Hierin is My Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal My dissipels wees."

Die kerk is die volk van God wat Christus se leerlinge met hart en mond is, hulle wat saam in gemeenskap met Hom leef. Ons wil nou daarna kyk en sekere elemente daarvan bespreek.

BESTAAN DIE KERK AL IN DIE OU TESTAMENT?

As ons van die kerk praat is ons baie geneig om eintlik net aan die tyd van die Nuwe Testament en daarna te dink. Mense is geneig om van Christus se kerk en van Israel te praat. Die tyd van die Ou Testament en die volk Israel sou dan tog nog iets anders as Christus se kerk wees. Ons praat somtyds van die gemeente in Jerusalem na die Pinksterdag as die eerste Christelike kerk. Nogtans is die manier van sê nie die regte een en veroorsaak verkeerde gedagtes.

Ons moet altyd weer onthou dat Christus se kerk nie in of na die Nuwe Testament begin nie. Die Seun van God het die kerk by Adam en Eva begin vergader. Dit is ook wat ons as gereformeerdes op grond van God se eie Woord bely. Ons bely in Sondag 21: "Wat glo jy van die *heilige algemene Christelike kerk?* Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof **van die begin van die wêreld af tot die einde toe** vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly."

As ons die geskiedenis van Christus se kerk wil onderskei is dit beter om dit so te doen:

1. Die Seun van God vergader sy kerk uit die hele mensheid. Genesis 1-11.
2. Die Seun van God vergader sy kerk veral uit Israel om uit Israel die Verlosser te laat voortkom. Genesis 12 – Handelinge 1
3. Die Seun van God vergader sy kerk weer uit die hele mensheid vanaf Handelinge 2 tot Christus se wederkoms.
4. Christus se kerk is vergader en leef op die nuwe hemel en aarde.

HULLE HET DIE NAAM VAN DIE HERE BEGIN AANROEP.

Die kerk is nie die optelsom van die individuele gelowiges nie. Dit is nie individuele gelowiges wat los van mekaar staan en bly staan nie. Die HERE gee die gelowiges as sy volk 'n plek op hierdie wêreld. Ook na die sondeval. Dan het die kerk 'n plek gekry in 'n wêreld wat vyandig teenoor God staan. Juis dan het die gelowiges dit ook so nodig om vanuit die band van liefde met die HERE saam te staan.

Die eerste keer dat ons in die Bybel lees dat dit gebeur is in Gen 4:26: "En ook vir Set is 'n seun gebore, wat hy Enos noem. Toe het hulle die naam van die HERE begin aanroep." Ons moet onthou dat dit hier gaan oor die tyd na die sondeval. Die teenstelling tussen hulle wat die saad van die vrou en hulle wat die saad van die slang is gaan nou sigbaar word. Die wêreld het 'n plek geword waar juis die gelowiges met groot teenstand van ander mense te doen gaan kry. Die mens wat glo word deur vyandskap bedreig. Die mens wat glo het van homself nie die krag om teenstand daarteen te bly bied nie. Set bely dit in die naam wat hy aan een van sy seuns gee. Set ontvang van die HERE 'n seun en hy noem hom Enos. Hiermee bely Set sy geloof en afhanklikheid van die HERE. Die naam Enos wys op "swakheid en broosheid". Hoe anders is dit as Lameg se aanhoudende gespoggery. Die slang se saad wys in hulle ontwikkeling hoe hulle al hoe meer op hulleself begin vertrou. Die vrou se saad, God se volk bely eie swakheid en verwag beskerming, toekoms en verlossing van die HERE.

Die laaste deel van vers 26 wys dit: "Toe het hulle die Naam van die HERE begin aanroep." Die deel van die mensheid wat op die HERE bly vertrou het, soek nou saam God se hulp. Hulle kom saam om die

Naam van die HERE aan te roep. Hier lê die begin van die eredienste waar God se volk op 'n God vyandige wêreld saamkom. Dit gaan hier oor die gesamentlike aanroep, aanbid van die HERE. Ander voorbeelde van die openbare en gesamentlike aanbidding van die HERE in die boek Genesis is: 12:8; 13:4; 21:33; 26:25.

Die saad van die slang laat al hoe meer die reg van die sterkste heers. Die vrou se saad aanbid gesamentlik die HERE en vertrou in eie swakheid op die Almagtige. As ons op die eerste hoofstukke van die boek Genesis let, val dit op dat mense met die HERE gepraat het as Hy na hulle toegekom het en met hulle begin praat het. Kyk 3:8-19; 4:6-15. Nou het die gelowiges gesamentlik en openlik begin om deur gebed ook met die HERE te praat terwyl Hy nie eers hoorbaar na hulle toegekom het nie. Die opvallende in Genesis 4 is ook dat ons hier lees hoe die geslag van Kain, die afvallige deel van die mensheid, sy krag veral in uitvindings en in die ontwikkel van nuwe dinge soek. Dink aan die uitvindings van Jabal, Jubal en Tubal-Kain. Dit is nie kenmerkend van Set se geslag nie. Van hulle lees ons dat hulle hul krag juis in die band met die HERE, in die gebed tot Hom, in die gemeenskap met Christus soek.

NEHEMIA 13:1-3

Een van die woorde wat in die Ou Testament in verband met die vergadering van die kerk gebruik word is die *qehal*. Hierdie woord hang met die werkwoord *qahal* saam. Hierdie werkwoord wys daarop dat iemand roep, iemand roep saam. Die vergadering, die *qehal* is die resultaat van die saamroep. Mense het gehoor aan die oproep gegee en het saamgekom en 'n vergadering gevorm. Ons lees verskillende kere in die Ou Testament van die *qehal Jahwe*.

As dit gaan oor hoe die gelowiges in die geskiedenis kerk behoort te wees is en wie deel van die kerk mag wees, is dit wat ons in Nehemia 13:1-3 lees baie belangrik. Ons vind in hierdie gedeelte 'n duidelike toepassing van Deuteronomium 23. Die ballinge het terugkeer en die mure van Jerusalem is herbou. Nou die herbou van Jerusalem se mure klaar is, word dit feestelik gevier en dank die volk die HERE. By hierdie geleentheid word ook uit die Skrif gelees. Die gedeelte wat ook gelees is, is Deut. 23:1-8. As die volk dit hoor besluit hulle om die mense onder **hulle van gemengde bloed** uit Israel af te sonder.

Die woorde waar ons aandag op gerig moet wees is: *kol-ereb*. Die woord *ereb* lees ons nog op drie ander plekke in die Ou Testament: Jer. 25:20, 50:37; Eseg. 30:5. 'n Ondersoek na hierdie woord op dié plekke wys op 'n aparte groep mense wat mense van verskillende herkoms insluit. Hulle is 'n aparte groep ten aansien van die volk wat in daardie land sy vaderland het. Daarby kan dit mense van gemengde bloed wees maar dis nie nodig nie. Die groep bestaan as 'n groep mense wat uit verskillende volke kom. As 'n mens dit vasgestel het, maak dit 'n mens versigtig om in Neh. 13 wel aan mense van gemengde bloed te dink. Dit lyk baie waarskynliker dat ons hier aan 'n groep mense moet dink wat bestaan uit mense van verskillende afkoms en steeds weer as 'n drukgroep in Israel optree. As 'n mens die boeke Esra en Nehemia lees lyk dit meer daarop dat ons hier met 'n groep te doen het wat hulle steeds weer vyandelik teenoor Esra en Nehemia opstel.

WAT BETEKEN DIT DAT HULLE UIT ISRAEL UITGESONDER IS?

Ons moet hierby daaraan dink dat hierdie groep van verskillende afkoms, wat hulle steeds weer teen God se weg verset, weggestuur word en nie meer by die volk van God gereken word nie. Dit was veral hulle innerlike houding teenoor die HERE waarmee hulle gewys het dat hulle nie by die HERE en sy volk behoort nie. Hierdie afsondering beteken nie dat elke persoon wat iewers in sy stamboom 'n Ammonitiese of Moabitiese vader of moeder het, nie by die volk kon bly behoort nie. Mense uit ander volke wat regtig met hulle hart die HERE saam met die Israeliete wou dien, het saam met Israel die HERE gedien as God se een volk. Voorbeelde daarvan lees ons ook in die boeke Esra en Nehemia.
Esra 6:21: "En die kinders van Israel wat uit die ballingskap teruggekeer het, het dit geëet en elkeen wat hom van die onreinheid van die nasies van die land afgesonder het om saam met hulle die HERE, die God van Israel te soek. Hulle het ook die fees van die ongesuurde brode met blydskap sewe dae lank gehou; want die HERE het hulle verbly en die hart van die koning van Assirië na hulle omgewend, om hulle hande te versterk in die werk aan die huis van God, die God van Israel."
Neh. 10:28,29: "En die res van die volk, die priesters, die leviete, die poortwagters, die sangers, die tempelbediendes en almal wat hulle afgesonder het van die volke van die lande tot die wet van god, hulle vroue, hulle seuns en hulle dogters, almal wat enigsins kon verstaan, het by hulle broers, die vername manne onder hulle, aangesluit, en hulle het onder eed en met beswering hulleself verplig om te wandel in die wet van God, wat deur die diens van Moses, die kneg van God, gegee is, en om te hou en te doen al die gebooie van die HERE onse Here, en sy verordeninge en sy insettinge."

Die afsondering van die groep van verskillende herkoms in Neh. 13:3 staan teenoor die afsondering van sekere mense van die volke van die lande in Esra en Nehemia. Die toepassing van Deuteronomium 23 in Nehemia 13 wys daarop dat dit 'n toepassing kry wat 'n beoordeling van die lewe met en vir die HERE bevat. Wie nie die HERE wil volg nie, het geen toegang tot die tempel en behoort ook nie meer by die volk Israel nie. Die gemeenskap met Christus en Hom saam volg volgens sy Woord is hier dus duidelik die beslissende. Dit is die norm of die kerk met iemand of met 'n gemeente gemeenskap kan oefen.

DIE BRITSE BYBELGENOOTSKAP

A. Roos

RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Ons ken of weet almal van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. ‘n Genootskap wat hom ten doel stel om Bybels te vertaal en beskikbaar te stel aan die breedste moontlike lae van die bevolking. So word die Bybel vertaal en versprei in die 11 amptelike tale (net ‘n vertaling van die Ou Testament in Ndebele is nog nie beskikbaar nie). Verder is die Bybel beskikbaar in braille vir blindes, teen ‘n koste van R2 000 per Bybel, terwyl gewerk word aan ‘n spesiale uitgawe vir dowes. Vir ongeletterdes word ‘n Bybel beskikbaar gestel op band. Dikwels word die werk op ‘n vrywillige basis gedoen maar met ‘n permanente staf van 172 personeellede beloop die jaarlikse begroting ‘n aardige bedrag. Voeg daarby dat die koste van die druk van ‘n Bybel R63 beloop en verkoop word teen R44 per eksemplaar is dit nie moeilik nie om te verstaan dat dit ‘n jaarlikse kopseer is om die begroting te laat klop.

Finansiering is uitsluitlik afhanklik is van donasies uit die private sektor met geen steun van die owerheid nie. In die lig van ‘n onlangse Markinor peiling is daar ‘n behoefte aan 19 miljoen Bybels in Suid-Afrika wat ’n enorme druk op die begroting van die Bybelgenootskap van SA plaas.

‘n Ander Bybelgenootskap wat die redaksie van Kompas onder die aandag van die leser wil plaas is die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Op hul Internet webwerf vind ons interessante informasie wat die redaksie in vertaalde en verkorte vorm aan die leser wil aanbied.

Die eerste Bybelgenootskap is gestig in 1804. Die vernaamste doelstelling was om die Christelike Bybel te versprei. Bybelgenootskappe het aan die einde van die 18e eeu vinnig in aantal toegeneem as gevolg van die ontstaan van Sendinggenootskappe. Die belangrikste Bybelgenootskap was die Britse en Buitelandse wat Bybelse tekste in 700 tale en dialekte bekend gestel het. Hierdie organisasie het tans al meer as 550 miljoen Bybels oor die hele wêreld versprei.

Die Verenigde Bybelgenootskappe is in 1946 in die lewe geroep om samewerking tussen die verskillende genootskappe te verbeter. Dit het tans ‘n wêreldwye ledetal van meer as 130 Bybelgenootskappe[1] . Teen 2002 was die Bybel volledig of gedeeltelik in 2303 tale beskikbaar.

DIE BRITSE BYBELGENOOTSKAP DEUR DIE LOOP VAN DIE JARE

Die begin (1804)

Toe hy, tydens ‘n vergadering van die Religious Tract Society, verneem van die plan om Bybels teen verminderde pryse vir die Walliesers beskikbaar te stel, het die Reverend Joseph Hughes gevra “Indien vir Wallis, hoekom nie vir die koninkryk nie en indien vir die koninkryk, hoekom nie vir die wêreld nie?”

Hierdie vergadering, wat gehou is op 7 Desember 1802 in Londen,



was die begin van die ontstaan van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap ongeveer ‘n jaar later. Die Genootskap is gestig op 7 Maart 1804 in The London Tavern, Bishopsgate, in die teenwoordigheid van ongeveer 300 mense.

Wilberforce

William Wilberforce en ander lidmate van die Clapham Sect het baie bygedra tot die stigting van die Bybelgenootskap in 1804. Die 18e eeu was gekenmerk deur kragtige stromings wat die invloed van die kerk op die samelewing laat afneem het.

Hierdie wydverspreide onverskilligheid vir Bybelse waardes, soos geregtigheid en vryheid, was so sterk dat niemand dit oorweeg het om maatskaplike euwels soos die slawehandel aan te pak nie. In 1787, sewe jaar nadat hy ‘n LP geword het, skryf Wilberforce in sy dagboek “Die Almagtige God het my twee groot take gegee, die verwydering van die slawehandel en die reformasie van gewoontes”. Wat Wilberforce in gedagte gehad het was om welwillendheid te bevorder en om mense vertroud en lief te maak vir die Bybel as inspirasie vir welwillendheid.

Internasionale groei

Die werk het sodanig gegroei dat die Bybelgenootskap alreeds in 1816 sy eerste Bybelhuis in Blackfriars kon aankoop.

Bybelgenootskap hulporganisasies en ander onafhanklike Bybelgenootskappe het in die 19e eeu, in baie gevalle met aktiewe bemoediging en finansiële hulp van die Britse Bybelgenootskap, ‘n uitgebreide netwerk van Bybelverspreiders sowel nasionaal as internasionaal op die been gebring.

Hierdie netwerk van Bybelverspreiders het dwarsdeur die wêreld per boot, kameel en te perd onder groot persoonlike risiko’s hulle beywer om die Bybel beskikbaar te maak.
Bybels is verkoop en nie verniet

weggegee nie. Waar geld ontbreek het om vir die Bybel te betaal, is op 'n ruiltransaksie ooreengekom. Dit was niks ongewoon om aan die einde van 'n dag se werk 'n kolporteur te sien met die opbrengs van verkope in die vorm van hoenders, eiers, 'n konyn of selfs 'n bobbejaan of twee.

Bybelverspreiders wat dorpe besoek het, het nie ongemerk aan die publiek verbygegaan nie. 'n Ooggetuie verslag uit Spanje lees bv. "Wanneer ek op pad is of in 'n herberg vertoef bespeur ek die aanwesigheid van 'n kolporteur. Nie alleen verander dit die gedrag van ander nie maar ook bring dit 'n gewyde sfeer onder die stamgaste. Dit is maar net een rede hoekom die Evangelie meer en meer veld wen in Spanje".

Die periode 1850 – 1914 word gekenmerk deur 'n skouspelagtige groei van die Christelike kerk. Sendelinge en ander werkers het hulle toenemend toegelê op vertaalwerk, publikasie en distribusie van Bybels.

Bybelverspreiding het plaas gevind tot in die verste uithoeke van die aarde. Ene Mildred Cable het met 'n donkie die Gobi woestyn in Mongolië deurkruis. Sy het daar selfs 'n skooltjie begin waar sy in botsing gekom het met plaaslike gebruike. Klein voete was 'n teken van skoonheid vir Chinese dogters. Vir daardie rede was hulle voete styf in doeke gewikkel sodat hulle nie sou groei nie. Mildred het dit 'n voorwaarde gemaak dat dogters haar skooltjie sou kon besoek slegs as hulle voete nie verbind was nie. Nogtans is haar skooltjie aanvaar en kon sy met vrug werksaam wees.

Die werk kon vrywel ongehinderd voortgaan. Teen 1917 was 3 miljoen Bybels alleen al in China versprei.

In 1904 is die 100-jarige bestaan van die Bybelgenootskap gevier. 'n Spesiale erediens is belê in die beroemde St. Paul's katedraal wat bygewoon is deur Britse koningin saam met die prins en prinses van Wallis. Die aartsbiskop van Kantelberg het die diens gelei.

Die eerste wêreldoorlog van 1914 – 1918 het die werk belemmer. Nogtans het nie minder as 1500 medewerkers met hul werk, meestal buite die gevegsgebied, kon aangaan. Ondanks al die gevare om kriskras deur Europa te reis en gebrekkige kommunikasie is gedurende die oorlogsperiode 'n ekstra 34 vertalings van die Bybel beskikbaar gestel.

Hoe avontuurlik lugreise in die vroeg 20ste eeu was blyk uit 'n verslag van ene mnr. Haig, die eerste personeellid van die genootskap wat op 31 Augustus 1923 per vliegtuig van Berlyn na Londen gereis het. Hy vertel "Ek het gereis in 'n dubbeldekker met 'n oop kajuit en het paslike vliegklere gekry. Die reis sou ongeveer agt ure duur. Ons het die Elbe gevolg maar naby Hamburg het die enjin gehaper en moes die loods haastig die grootste stuk grond wat as 'n landingsterrein kon dien uitsoek. Ons het veilig daar geland en is per motor na die naaste vliegveld geneem. Daar het ons met 'n ander vliegtuig na Schiphol, naby Amsterdam, gereis waar ek die nag oorgebly het aangesien nagvlugte in daardie tyd onmoontlik was. Die volgende oggend het ek in 'n Nederlandse vliegtuig, saam met 'n beampte van die poskantoor, saam met sy pos, vertrek en het om 11H30 in Croydon aangekom.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die werk in Londen, te midde van bombardemente en brande, agter gebarrikadeerde vensters aangegaan, solank en sover elektrisiteit beskikbaar was. In 1943 het die Nazi's o.a. in Praag die Bybel Depot gesluit en die verspreiding van Bybels verbied. Ondanks hierdie verbod het die plaaslike direkteur, Rev. Cernohosky, met die produksie en verspreiding van Bybels aangegaan. Daar was drukkers wat bereid was om die risiko te neem om die drukwerk te behartig. Die boekbinder was selfs deur 'n berugte Nazi generaal aangestel om amptelike Duitse kennisgewings te versorg!

'n Gebeurtenis van historiese belang was die opening van die Bybelgenootskap se historiese Bybelversameling in 1986. Hierdie versameling bevat 'n manuskrip uit die 4e eeu sowel as Tyndale, Wycliffe en Luther Bybels.

Tydens die Kulturele Revolusie in China (1966-1976) was die werk van die Genootskap onmoontlik. Sedert 1980 kon die Genootskap weer met sy werk aangaan met baie sukses. Sedert 1987 is 30 miljoen Bybels gedruk en versprei! Die verbrokkeling van die Kommunisme in die 90-er jare van die vorige eeu het die Genootskap in staat gestel om Bybels agter die toenmalige ystergordyn beskikbaar te stel in lande wat meer as twee generasies daarsonder moes klaarkom.

Nuwe kantore is geopen in 'n twintigtal lande waaronder Albanië, Bulgarye, Kroasië, Roemenië en die Oekraïne, om maar enkeles te noem.

Ten slotte, op 8 Maart 2004 kon die Genootskap sy 200-jarige bestaansjaar vier.

Hoewel die werksaamhede van die Britse Bybelgenootskap 'n bietjie buite ons waarnemingsveld is, moet erken word dat hierdie organisasie 'n waardevolle bydrae tot die verspreiding van die evangelie gemaak het. 30 Miljoen Bybels wat dwarsdeur die wêreld versprei is wil gedoen wees.

Dit laat ons dink aan wat Jesus vir sy dissipels gesê het "... en leer hulle om alles te onderhou war Ek julle beveel het." (Matt. 28: 19). ¤

[1.] Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is nie aangesluit nie.